'N PARADOKS

Die Here seën julle. Dis werklik vir my 'n—'n groot voorreg om hier te wees vanmôre. Ek was...Dis 'n onverwagte seëning, want ek, om te dink ek sou hierdie voorreg hê om in die besonder te kon praat met net julle, wat ons sou dink, ons sou kon noem 'n: "uitgesoekte groep," die predikers en my broer hier wat saamwerk in hierdie diens en dit moontlik maak. Ek wou hierdie geleentheid hê. Op hierdie manier, kry ek 'n kans om partymaal dinge te verduidelik wat ek—wat ek nie kan op die platform nie, want jy's in 'n gemengde gehoor daar.

2 En ek het 'n advokaat hier ontmoet, vanmôre, een van die broers, die Christen Sakemanne. En gisteraand het ek gepraat van Saggéüs. Eenmaal daar, julle weet, toe hy...Jesus was in die...Hy het kwalik geglo; soos die dramatjie was, dat: "Hy was nie 'n profeet nie." Maar toe Jesus gestop het onder die boom, en opgekyk het, en hom by die naam geroep het, en afgekom het. En het julle net nooit vertel wat gebeur het met Saggéüs nie. Weet julle wat het gebeur met daardie kêrel? Hy het 'n lid geword van die Volle Evangelie Sakemanne, en taklidmaat daar, dis reg. Natuurlik, Jesus sou nie enige behalwe 'n volle Evangelie hê nie, julle weet. So, hy as 'n sakeman, dit was deel van julle...So, julle kan dit onthou, dan.

3 En so het ek—ek nou die dag gepraat oor...toe ek by die vorige diens, om net 'n hofverhoor te hou. En Jesus is gebring, of God is ingebring, oor Sy Woord, vir 'n verbreking van belofte. Baie van julle het dit gehoor. En so het ek gedink om dit miskien te gee, Sondagmiddag, hierdie hofverhoor. Dan hierdie advokaat hier, hy mag in staat wees om my te korrigeer op bietjie van die prosedure wat ek gebruik.

4 So, maar aan die sit hier vanmôre, is dit beslis 'n—'n voorreg. Ek het rondgekyk, verskillende vriende, want 'n seuntjie hier, 'n vriendjie hier, het my pas daarnatoe geroep. En hy was kreupel. Hy het gesê: "Broer Branham, as jy net vir my kan sê ek kan hier uitstap, dis al wat ek wil hê jy moet doen." Sien?

En ek het net gedink: "Hoe—hoe pragtig!" Sien?

5 Maar, sien, hierdie dinge is 'n bietjie anders as wat ons...Julle dink hulle is. Sien? Sien? Nou, dis waar ek dink baie van die broers die pad byster raak. Sien? Sien? God sal hulle iets laat doen met 'n bietjie geloof. Dan voel hulle dat alles waarin hulle spring, hulle dit net sê, en dis al.

6 Maar, julle sien, hoe kan ek sê SO SPREEK DIE HERE, voordat Hy my eers vertel? Ek moet dit eers hê. As ek dit nie het nie, dan sal ek sê: "so spreek William Branham." Maar dit sou glad nie help nie. Maar, sien, nou, Hy moet my eers vertel.

7 'n Man het nadergery in 'n ambulans, met die babatjies. Ek was baie besig. Hy het gesê: "Wel, ek . . . As jy my net kan sê; hier kom en sê my baba sal reg wees. Dis al wat ek wil weet." Wel, dit, hoe mooi. Maar hoe kan ek dit sê totdat ek dit weet? Sien? As ek . . .

8 Party mense gaan net op indruk: "Die Here het vir my gesê om *dit* te doen." Wel, dis—dis jyself, baiekeer. Sien? Jy moet dit werklik sien en dit weet.

9 Hoe kon—kon ek . . . Broer Fox hier iets sê sonder dat hy eerlik is? Hy het gesê: "Broer Branham het *so-en-so* gesê." En as ek dit nie gesê het nie, beskuldig hy—hy—hy my valslik van iets wat ek nie gesê het nie. Maar as ek dit regtig gesê het, dan moet ek agter dit staan.

So, wanneer die Here enigiets sê, is dit afgehandel.

10 Ek het 'n klein Baptis ontmoet hier 'n tyd gelede. En hy is nie 'n Baptis nie. Ek dink hy's 'n Pinkster Baptis soos ek. En—en hy 'n goeie ou Suiderling. En ek het hom hierdie Georgia roomys sien eet vanmôre hier, daardie, die growwe mieliemeel. En so was hy—hy een van daardie volhardende soort, julle weet. En hy het sigarette gerook, en 'n baie goeie Baptis, en tog . . . So hy—hy . . . en hy het baie dinge gehad waarop hy gegaan het. En hy het voortgegaan.

11 Nou, hierbuite in die diens, dis daardie, julle—julle mense. Die mense, hulle doen dit, self. Sien? En dis Christus wat na Sy liggaam kom. Sien?

12 Nou, laat ek dit net nou kry, net met julle stop net 'n oomblik. Sien? Christus wat na Sy liggaam kom, dit beteken nie net ek nie. Ek is nie die Liggaam nie. Ek is net 'n lidmaat van daardie Liggaam. Sien? Julle is deel van daardie Liggaam, ook: "Deur een Gees." Een Korinthiërs 15 . . . Een Korinthiërs 12: "Deur een Gees is ons almal gedoop in een Liggaam." Ons is lidmate van daardie Liggaam, elkeen van ons. Of jy Metodis, Baptis, Lutheraan, eenheid, tweeheid, vyfheid, of wat ook al jy het, is. Sien? "Deur daardie een Gees is ons almal in een Liggaam." As God die eenheid in aanvaar, met sy vreemde idee, die kerk van God in, met sy vreemde idee; die Metodis in, met sy vreemde idee; die Gemeentes in, met sy vreemde idee; hang dit van Hom af.

13 Ek het nege broers, en elkeen van ons verskil van mekaar, maar ons het almal dieselfde ouer. Sien? Ons is, elkeen, Branhams. Nou, my broers . . . Ek's die jagter. Ek hou daarvan om te jag en vis te vang. Die res van hulle hou nie daarvan nie.

Hulle hou daarvan om golf te speel en sulke dinge, mMaar nie ek nie. Sien, dis my eienaardigheid. Maar tog is hulle vader my vader. Sien? Maar ons stem almal saam, wanneer dit by pappa kom, dis ons almal se pappa.

14 En dis wat ons doen, ook. Nou kyk. Die kerk het geword, sien, net groot geword.

15 Net soos wat ek vanaand sou praat, oor: "Die ontsluiering van die een ware God," maar ek dink dit sal 'n bietjie te lank neem. Ek sien die mense, na omtrent nege—uur, word hulle rusteloos. Ek het gedink ek sou net wag tot een of ander tyd by die tabernakel. Ek het iets anders in gedagte miskien vir vanaand, om 'n boodskap van verlossing te bring. Dis wat ons probeer. Dis ons . . . wat ons hier probeer doen.

16 Nou, julle predikerbroers, ons het Goddelike genesing gemis. Soos ou Doktor Bosworth, wat pas Huis toe gegaan het, na Heerlikheid, hieronder, onlangs. Hy het altyd gesê: "Goddelike genesing is die aas wat jy aan die hoek sit. Jy wys nooit die vis die hoek nie. Jy wys vir hom die aas. Hy—hy tref die aas en kry die hoek." So, dis hoe dit is. Ons . . . Goddelike genesing trek net die aandag. Sien?

17 En, dan, verlossing is waarna ons soek. Ons soek na die krag van die Liggaam van Christus. Julle sien?

18 En elkeen van julle verskillende organisasies, party . . . Ek is nie te veel op die organisasie, net te sê: "Ek behoort *hieraan*," nie.

19 Ek—ek is 'n Baptis verorden. En toe, toe ek van Pinksters gehoor het, het ek gedink: "Goeiste! Wat's dit?" Ek het gedink: "Dis waarby ek gaan aansluit." Ek het hiernatoe gekom. Hulle is so verdeeld soos die Baptiste is, en net allerhande verskillende tipe dinge. En hulle was almal . . . Ek het gedink: "Wel, nou, ek gaan nie by enige van hulle aansluit nie. Ek gaan reg tussen hulle staan en my arms om hulle almal sit, en sê: 'Ons is broers.'" En, sien, die stelsel wat ons weerhou om dit te doen, dis waarteen ek is, die stelsel, dit. Sien?

20 En dis waarom ek saam met een groep is, en dis die Volle Evangelie Sakemanne. Sien? Ons wil ons tent so ver strek, dit sal alles inneem, almal van hulle, sien, almal. Ons is almal broers. Sien, ons is elkeen broers, in Christus. Nou, een van my—my groot borge is Gemeentes, en Verenigde, en die Foursquare en die Kerk van God. En al daardie broers, hulle het uitgedraai as ware manne.

21 Nou, wat is dit? Christus wat na Sy Liggaam kom. Christus is die Woord. Ons weet almal die salwing is Christus, wat op die Woord kom, wat die Woord laat lewe. Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dit is die salwing. Christus is die salwing, die Gees wat op die Woord kom, wat die Woord verkwik, om

dit te laat lewe. Nou, die Woord is in jou hart. Jy glo in Goddelike genesing, wat ook al. Sien? En Christus, die salwing, wat na Sy Liggaam kom. Sien die—die verbintenis daar? Net soos man en vrou een word. Nou, die kerk moet by die bediening kom, totdat die kerk en Christus een word. Hy kan jou salf vir elke seëning wat in die Bybel is. Alles daarvan is joune. Alles wat belowe is in hierdie eeu is joune. Wanneer ons enigiets uitlaat . . . Sien? Dan, as salwing dit tref, sal dit—sal dit dit salf. Dis net hier.

22 Soos, ek—ek gebruik dit vir 'n illustrasie. Daar is 'n doktrine naamlik die piramied doktrine. Maar moet dit nooit in julle idee kry, dat ek—dat ek—ek in piramied doktrines glo nie. Ek glo in die Bybel. Sien? En, hoewel, ek glo die piramiede het iets daarmee te doen gehad.

Ek glo God het drie Bybels geskryf.

23 Hy het een geskryf in die hemele, wat die diereriem is. Enigiemand weet dit. Job het dit gesê. Wat? Kyk na die diereriem. Dit begin met die—met die maagd. Dit eindig met Leo die leeu. Dis hoe Hy gekom het. Eers met 'n maagd. Sy laaste, volgende koms, sal Leo die leeu wees, sien, kom as die Leeu van die stam van Juda. En alles, dan, die gekruisde visse, van waarin ons nou is, die kankereeu, en alles, dit spreek alles. Maar, vergeet dit. Sien? Dit is nie jou Bybel nie.

24 Dan, die piramiedes, presies hoe hulle geteken is, die hoofsteen is verwerp. Steeds, dis nie jou Bybel nie.

Toe, het God dit op Woorde geskryf.

25 Jesus kom drie keer. Een keer, kom Hy om Sy Vrou te verlos. Volgende keer, kom Hy om Haar weg te neem. Die volgende keer, kom Hy saam met Haar. Drie komste. Sien?

26 Alles, soos "Vader, Seun, en Heilige Gees," sien, alles, alles is in 'n drie.

27 Die wiskunde van die Bybel is perfek. As jy daardie wiskunde reg hou, kan jy jou storie reg hou. Sien? Maar as jy van die wiskunde afgaan, sal jy hê, in jou prentjie, 'n koei wat gras eet bo in 'n boom. So, dit sal nie—dit sal nie reg lyk nie. Sien? Bly in die wiskunde, julle sien, van die Bybel, dan plaas jy dit reg uit.

28 Nou, het hier vertel van hierdie jong, aantreklike kêrel wat hier sit. Hy, hy het bly kom. Elke keer, sou hy sy naam opsit vir 'n privaat onderhoud. Wel, wanneer hy dit sou doen, dan sou dit lank wag, totdat sy tyd uiteindelik aangebreek het. Hier kom hy.

29 Nou, in private onderhoud is dit nie soos hierdie nie, sien, dit is nie in 'n diens sit soos ons hier doen nie. Jy sal wag totdat die Here praat en vir jou wys wat om te doen.

30 Wel, dit het nooit . . . Hy kon nooit . . . Sy tyd sou verbygaan. Wel, hy sou nie ontmoedig word nie. Hy sou net sy naam

neersit vir nog een. So, dit het uiteindelik afgewerk deur 'n paar honderd totdat dit weer by hom gekom het. Toe, eendag, gesit by die plek. . . Hy sou probeer, hy sou al die sielkundige idees vat wat hy kon, om daardie sigarette neer te sit, en hy kon dit nie doen nie. Maar eendag het dit gekom, SO SPREEK DIE HERE. Dit was dit. Dit was die laaste daarvan. En so hier sit hy vanmôre. Sien, wel. So ons is dankbaar daarvoor.

31 Nou, laat my net vir 'n oomblik 'n klein uitdrukking maak, as dit reg is om hierdie—hierdie tyd te neem. Ek dink. . .

32 Ek hou die horlosie daar dop. Tienuur, moet ons uit wees, het ek verstaan. Ek het gehoor deur die riemtelegram, net 'n paar minute gelede. En ek is net soos 'n goederetrein; ek is langasem.

33 En—en ek onthou die eerste keer, toe ek begin preek het. En ek was 'n klein, Baptiste prediker. Ek sou die Bybel onder my arm dra, en ek het gedink ek was net die ware prediker. Iemand sou sê: "Is jy 'n prediker?"

Ek sou sê: "Sekerlik. Ja, meneer, is regtig."

34 En herinner my toe ek 'n seun was, buite op die plaas. My—my pa was 'n ruiter. En hy het perde ingebreek en die Rodeo gevolg, om die perde in te breek, ensovoorts. Hy was regtig 'n goeie ruiter. Wel, ek het gedink, as sy seun, was ek sekerlik ook 'n ruiter. So ek het. . . Pappa sou ver buite aan die agterkant van die plaas wees, met sy perde, julle weet. En ek sou die ou ploegperd uitneem, julle weet, oud en gedaan, styf en moeg.

35 En ons het 'n ou watertrog gehad wat uit 'n stomp gekap is. Hoeveel het ooit so een gesien? Wel, van watter deel van Kentucky is julle, in elk geval? En so. . . En ons het altyd soontoe gegaan en is gesteek deur die bye, julle weet, wat hulle water kom kry het en dinge.

36 So, ek het gekyk en pappa se rondte sien doen, deur die mielieland, ver agter aan die agterkant. Ek sou ingaan en sy saal kry, en 'n handvol kankerrose, julle weet, en dit opglip onder die saal, die buikgord vastrek, en opklim daarin. En daardie arme ou perd! My boeties wat almal daar rondgesit het, skree: "Ry hom, Billy! Ry hom!" Julle weet, en die arme perd, so moeg, hy kon nie eens sy voete van die grond afkry nie, julle weet: "Klomp, klomp." Ek het gedink: "Man, ek is 'n ruiter!" Ek het te veel Westestories gelees. Dit was dit. So ek—ek het gedink, miskien, julle weet, wel. . . Julle weet, ek het. . .

37 Eendag het ek besluit dat hulle my nodig gehad het in die Weste, om hulle perde in te breek, julle weet. En, ek, omtrent agtien jaar oud. Hulle moes my hê. My—my dienste is benodig, so ek het reguit uitgeglip en Weste toe gegaan.

38 En ek het 'n leer rybroek probeer koop. En ek was 'n klein kêreltjie, julle weet. En ek het gedink ek het mooi . . . het A-r-i-z-o-n-a en 'n bul se kop daarop gehad. Nou: "O, goeiste! Dis mooi." Toe ek hulle aangetrek het, het ek gelyk soos een van hierdie klein wilde hoenders, julle weet, met al daardie vere. Ek kon nie met die goed loop nie, so ek het vir my 'n paar—paar Levi's gekry.

39 Ek het gedink: "Wel, ek sal die silwer saal ry. Ek sal uitgaan en vir my kry 'n paar . . . Ek sal daarbuite sit en wag totdat hulle daardie wilde perde uitbring. Daar is party van daardie kêrels wat gegooi gaan word; ek sal vir hulle wys hoe om hulle te ry. My pappa is 'n ruiter."

40 So, ek het op die heining geklim. Hulle moes 'n paar perde inbreek. En ek het daar oorkant gekyk in die kamp, en ek het daardie skurke daarbinne gesien, wat, goeiste, wat jy nie eens hooi kon ingooi na hom nie. Hulle was so wild, hulle sou dit nie eet nie. So, ek het gedink: "Sê, ek weet nie. Dit lyk nie soos daardie ou ploegperd wat ek gery het nie." So ek het 'n tydjie na hom gekyk.

41 Naderhand, het hulle een gehad wat hulle genoem het: "die Kansas outlaw." So hulle het hom uitgebring, 'n yslike groot swaar perd, omtrent sewentien hande daarin. Hy was regtig 'n perd. So hulle het geplaas 'n . . .

42 Het 'n goeie man daar gehad, met sy hele groot uniform aan, en alles; die meisies wat almal vir hom gewaai het. Hy was nogal 'n ster. Ek het na hom gekyk soos hy uit sy outomobiel gekom het. Hulle het gesê: "Hierdie man kan hierdie perd ry." So, hulle het hom in die drukgang gesit. En hy het daar opgeklim, en het hom opgesaal gekry, gaan sit in sy saal.

43 Hulle het die hek oopgemaak. Goeiste! O, goeiste! Omtrent twee draaie en 'n sonvis, en hy het gelyk asof hy die saal oor die maan kan gooi. Ek het nooit so-iets gesien nie! Wel, die helpers het die perd gekry en die ambulans het die ruiter gekry.

44 Hier het die omroeper verbygekom, julle weet. Hy het gesê: "Ek sal enige man hier, vyfhonderd dollar gee, wat sestig sekondes op hom kan bly."

45 Hy het reg met die ry afgekom. Ek weet nie hoe dit ooit was nie, hy het my reg uitgekies. Daar gesit, net daarbo gesit saam met al hierdie ou mismaakte cowboy, julle weet. My bene was nie krom, of niks nie. Maar ek—ek het gedink ek was 'n ware ruiter, ek kon daar by hulle sit. Ek het gemeenskap gehou met hulle, julle weet, my hoed wat agter op my kop gesit het. Was omtrent sewentien jaar oud, reken ek, aan die rondkyk soos *daardie*. Hy het gekom, gesê: "Is jy 'n ruiter?"

En ek het gesê: "Nee, meneer."

46 Ek was 'n klein Baptiste prediker, ek het altyd gedink God het my geroep om die verdediger van die Woord te wees. Sien? Hy was verdedig die—die geloof. Eendag was ek oorkant in St. Louis, Missouri, en ek het in 'n tentdiens ingegaan, en ek het vasgeloop in 'n Robert Daugherty. Hy's 'n Pinksterprediker. Ek het bo-op die platform saam met hom gesit. Man, daardie man het gepreek totdat hy blou in die gesig sou raak, en sy knieë sou knak, en na sy asem snak. Jy kon hom vir twee straatblokke hoor. En weer opgekom aan die preek. Dan sê iemand: "Is jy 'n prediker?"

47 Ek het gesê: "Nee, meneer." Ek onder die Pinkstermense kom; dan sê ek nie te veel van 'n prediker wees nie. Ek was daarmee soos dit was met die perd. Sien? Ek sê net: "Nee. Die Here het my geroep om vir Sy siek kinders te bid." So ek . . . Sien?

So ons is—ons is bly om hier te wees vanmôre, hierin.

48 Terwyl ons op die gedagte van ry is; ek hou van die buitelewe. Dis waar ek God gevind het. En ek het nogal heelwat aanjaag werk gedoen, Colorado, soontoe gegaan. Nou, ek ry gewoonlik die aankeering, ensovoorts. Ons het gehad die . . . bo by die Troublesome Rivier. Nou, baiekeer het ek daar gestaan langs die hek, terwyl ons die aankeering gehad het, lente aankeering die beeste opgestuur het. Die Hereford Vereniging bewei die vallei. Twee ton hooi gekweek; het jy 'n reg, of jou plaas, om 'n koei in die woud te sit. En party van hulle het honderde stuks, want hulle het waar hulle kan besproei daaronder. Hulle het daardie wilde grasveld. En dan van 'n . . .

49 Elke lente, wanneer hulle daardie beeste opjaag in die woud daar, staan die—die veldwagter daar en tel daardie beeste, en hou die brandmerke dop. Hulle is, elkeen, gebrandmerk. Die klein groepie waarvoor ek gewerk het, het nie te veel gehad nie. Omtrent honderd-en-vyftig, tweehonderd stuks, 'n klein driepoot brandmerk. En Grimes, die Balk, Diamand Balk, het omtrent vyftienhonderd stuks gehad.

50 Maar daar's een ding wat ek altyd opgelet het, aan die staan daar. Nadat ons die beeste daarbo gekry het, en die veldwagter in die dryfheining gestaan het. Dis om die beeste te keer om weer op privaat grond te gaan. Ek het altyd daar gesit en my been om die horing van die saal gesit en daardie veldwagter dopgehou. En hy sou daardie beeste dophou wat deurkom, daar staan. Elke koei wat deurgegaan het, moes jy ondersoek. En let op, hy het nie veel aandag gegee aan die brandmerk wat op hulle was nie. Maar daar's een ding wat hy regtig dopgehou het, dit was die bloedetiket. Sien? Want, jy kan niks daarin sit as gevolg van die ras nie, die—die raslyn reghou. Sien? Niks behalwe 'n egte Hereford kon met daardie

park ingaan nie; daardie park, niks behalwe Hereford nie. Moes 'n bloedetiket hê, om te wys dis ondersoek. En dit het die bloedetiket gehad, om te wys dit was 'n Hereford.

51 Ek dink dis hoe die groot aankeering gaan wees. Hy gaan ons nie vra of ons Gemeentes is, of ons Foursquare is nie. Hy gaan soek na daardie Bloedetiket, ongeag van ons brandmerk. Ons sal dophou vir die Bloedetiket. "Ek sien die Bloed."

52 Ek, ek is so bly om geassosieer te wees met sulke mense soos daardie vanmôre. Die Here seën julle nou baie ryklik. Ek met julle sit en praat; sal my tyd verbygaan.

53 Ek wil 'n Woord van die Here lees, want geen diens is volledig sonder die lees van die Woord nie. Nou laat ons oorblaai in die Skrifte hier met net 'n paar gedagtes wat ek omlyn het.

54 Was altyd, ek kon aan die dinge dink wat ek sou sê, sonder om selfs 'n nota te skryf. Maar vandat ek verby vyf-en-twintig is, die tweede keer, kan ek nie daaraan dink soos ek altyd het nie. So ek moet soort van 'n nota maak, my teks neerskryf, wat ek gaan sê, en daaraan dink. Dan dink ek ook, bietjie meer.

55 Ek was 'n kind toe. Ek het net gespat, soos om 'n haelgeweer te skiet. Sien? Maar nou moet jy dit mik. Mense het na my kom luister omdat ek net 'n seunprediker was. Hierdie is drie-en-dertig jaar agter die preekstoel vir my. Maar nou ontmoet ek groot manne, soos waarvoor ek sit vanmôre. Jy moet die teiken tref. Dit moet die Woord wees.

56 Onthou die ou Baptiste prediker wat my verorden het. Ek onthou my eerste keer om te preek. Ek het net gehuil en op die lessenaar geslaan en alles soos daardie. En party van die ouer vroue het verbygekom en my op die rug geklop, gesê: "O, skat," en gehuil. "Jy gaan 'n groot dienaar vir Christus wees."

57 Ou Dr. Davis het daar gesit, het my reg in die oog gekyk. Ek het gesê: "Hoe het ek gevaar, Dr. Davis?"

58 Gesê: "Die ergste wat ek ooit in my lewe gehoor het." Hy het my berispe. So hy was 'n advokaat. So hy—hy het vir my gesê, na die tyd, het gesê: "Kom na die studeerkamer toe, Billy." Hy het gesê: "Billy, al jou emosie, en alles wat jy deurgegaan het," gesê: "jy het net probeer maak soos 'n prediker." Hy het gesê: "Ek—ek het dieselfde ding gekry toe ek 'n advokaat geword het." Gesê: "Ek . . . My eerste geval was 'n egskeidingsgeval, en," gesê: "dit het regtig geen gronde gehad nie. Maar," gesê: "ek het vir hierdie arme vrou gesê . . . Ek het gehuil, en ek het gegaan met my oë." En hy het gesê: "Ek . . . Hierdie arme vroutjie, haar man het *so-en-so* gemaak en dinge."

59 En gesê: "Ek het dieselfde ding gekry wat ek jou gee, en ek het gedink dit sou 'n goeie ding wees." Gesê: "Die eerste

ding waarvan jy weet, die. . . So die ander advokaat het die lessenaar geslaan en gesê: 'Regter, u edele, meneer, hoeveel van hierdie onsin gaan u hof nog verduur?'" Sien? Gesê: "'Hy het nog nie een ding gesê om die persoon te verdedig nie, nie een deel van die wet nie. Hy huil net en spring op-en-af.'" Hy het gesê: "Jy weet wat? Dit het my afgeblaas en my teruggesit waar ek kon." Gesê: "Nou, Billy, jy het al die emosies gedoen, gehuil en op-en-af gespring, maar jy het nooit een ding van die Skrif gebring wat regtig die basiese dinge daarvan gee nie." Dis reg.

60 Nou ons skiet 'n geweer. Dit moet gemik wees. Dit moet die kol tref. Here help ons nou soos ons Dit lees! Uit Josua, die 10de hoofstuk. En ek gaan begin by die 12de vers, en Josua 10:12 lees af na die 14de of 15de vers.

> *Toe het Josua met die* HERE *gespreek op die dag wat die* HERE *die Amoriete aan die kinders van Israel oorgegee het, en voor die oë van Israel gesê: Son, staan stil in Gibeon, en Maan, in die dal van Ajalon!*
>
> *Toe staan die son stil en bly die maan staan totdat die volk hulle gewreek het op hulle* vyand. *Staan dit nie geskrywe in die Boek van die Opregte nie? En die son het bly staan in die middel van die hemel, en het hom nie gehaas om onder te gaan nie, omtrent 'n volle dag.*
>
> *En daar was geen dag soos hierdie een, voor. . . en na. . . dat die* HERE *na die stem van 'n man geluister het nie; want die* HERE *het vir Israel gestry.*

61 Nou, as julle my sal verskoon vir 'n oomblik, wil ek 'n teks neem vanmôre, oor die onderwerp van een woord.

62 Nou, julle sê: "Broer Branham, dis nie—dis nie te veel vir gehoor hier, honderd-en-vyftig mense of so nie. Dis—dis nie genoeg nie. O, ja, dit is. Dis—dis genoeg. Dis die Woord van God. Sien? Maak nie saak, dit—dit—dis. . . Dis nie die kwaliteit nie; dis die kwantiteit.

63 Soos hier, nie lank gelede nie, in Louisville, Kentucky, het ek gedink aan 'n seuntjie wat opgeklim het in die solder, rondgesoek het, eendag. En hy het gevind in 'n ou solderkamer, in die trommeltjie, het hy 'n seël gekry. En hy het gedink: "Jy weet, dit mag iets werd wees." So hy het gegaan en 'n versamelaar gevind. En, natuurlik, het hy roomys in gedagte gehad. Gesê: "Wat sal jy vir my gee vir hierdie seël?"

64 Hy het gesê: "Ek sal—ek sal vir jou 'n dollar daarvoor gee." O, goeiste, dit was omtrent tien horinkies daar, julle weet, so hy—hy het gedink hy het 'n slag geslaan.

65 Die man het dit verkoop, bietjie later, vir vyfhonderd dollar. En ek vergeet nou, dit gaan in die duisende in, wat

daardie seël werd is. Sien, wat die papier betref, was dit niks werd nie. Maar dis wat daarop geskryf is, wat die verskil maak.

66 Hierdie is net gewone Indiese papier. Maar dit is wat daarop is. Dis God in lettervorm. Sien? Ja. Partymaal is dit 'n . . . Maak nie saak hoe klein dit is . . .

67 Dis waar ons mense ons fout maak. Ons wil altyd iets groot doen. Was miskien nie verordineer om iets groots te doen nie. Miskien is dit die klein dingetjies wat ons nalaat wat ons seermaak.

68 Soos in Kanada, ek het daar gestaan saam met my goeie vriend, Dr. Ern Baxter, wat altyd my platform man was; baie goeie, welsprekende man. En toe . . . Koning George, vir wie ek die voorreg gehad het om te bid, julle weet, toe hy genees is met die verspreide sklerose. Toe hy en sy vrou in die straat verbygegaan het daardie dag in Vancouver daar, soos hulle in die straat afgegaan het daar. Sy was in haar pragtige blou rok. En die koning wat self daarbo gesit het, wat probeer reguit sit het, lydend en siek, sy maagsere wat hom gepla het. Maar tog het hy geweet hy was die koning, so hy het gebuig vir die mense. En toe hy verbygekom het, het ek en Ern daarna geluister. Hy . . . Ern het net sy kop gedraai en begin huil. Hy kon dit nie verduur nie. Hy het gesê: "Broer Branham, my koning gaan verby."

69 Ek het gedink: "As dit 'n Kanadees so sou laat voel, wat sal dit doen wanneer ons ons Koning sien verbygaan."

70 Hulle het uitgelaat, al die kinders, die kerk, of die skole het, om die koning te sien. Hulle het vir hulle Britse vlaggies gegee, om te waai. Toe hulle teruggegaan het na die skool, na hulle gewone prosedure, het hulle uitgevind dat een kleintjie nie teruggekom het nie. En die onderwyser het bang geraak, so sy het uitgegaan om te soek na die kleintjie. En dit het gestaan, die dogtertjie het agter 'n paal gestaan, haar hartjie uitgehuil. Onderwyser het haar opgetel en gesê: "Wat's die probleem, skat?" Gesê: "Het jy nie die koning gesien nie?"

Sy het gesê:"Ja, ek het die koning gesien."

En gesê: "Het jy jou vlaggie gewaai?"

Gesê:"Ja, ek het die vlaggie gewaai."

Gesê: "Waaroor huil jy?"

71 Sy het gesê: "Jy weet," sy het gesê: "ek's te klein." Gesê: "Ek—ek het die koning gesien, en ek het my vlag gewaai, maar die koning het my nie gesien nie." Sien? En haar hartjie was gebroke.

72 Dis anders as ons Koning. Jy kan nie te klein wees nie; jy kan niks doen nie. Hy—Hy sien elke beweging wat jy maak. Hy weet alles van jou.

73 Nou, my onderwerp vanmôre, waaroor ek gaan praat vir 'n paar minute, as die Here wil, is: *'n Paradoks*.

74 Wat is 'n paradoks? Volgens Webster hier, beteken dit: "iets wat ongelooflik is, maar waar." Ek dink ons het dit gesien, laaste paar dae, hierdie klein verhoog. Maar, 'n *paradoks*, 'n "ongelooflik, maar tog is dit waar." Dit maak 'n paradoks.

75 In Hebreërs, die 11de hoofstuk en die 3de vers, sien ons dat die wêreld gemaak is en aanmekaar gesit is deur die Woord van God.

76 'n Paar weke gelede, was ek in New York Stad by die Morris Ouditorium. Ek het hierdie band gehoor van—van Einstein wat gepraat het van daardie sonnestelsel, van hoeveel. . . As ons hier vertrek het en gegaan het, ek dink, 'n honderd-en-vyftig miljoen ligjare, gereis het teen die spoed van lig, sou ons 'n honderd-en-vyftig miljoen ligjare geneem het om daar te kom, en dan 'n honderd-en-vyftig miljoen ligjare om terug te kom. Nou, julle weet hoe vinnig lig beweeg. Sien? En, dink net, 'n honderd-en-vyftig miljoen ligjare. Wel, as jy 'n ry neges om, om, om die wêreld sou laat gaan, sou jy dit nooit afbreek in jare nie. Net nege, nege, nege, net naby mekaar, om die wêreld, kon jy dit nie afbreek in jare nie. Want, dink net, lig beweeg. . . Wat is dit? Agthonderd, agt. . . 'n honderd agt-en-sestig. . . honderd—honderd agt-en-sestig duisend myl per sekonde. En 'n—'n ligjaar? In driehonderd miljoen ligjare, probeer dit optel. En jy sal dan weet hoe lank, ons weg sal wees van die aarde? Vyftig jaar. Dis reg. Sien?

77 Hulle het ingebreek, om uit te vind, Ewigheid. Hulle sê dat John Glenn, die ruimtevaarder wat omgegaan het, dit het nooit een sekonde van sy lewe afgeneem, selfs die spoed waarteen hy beweeg het, omtrent sewentienhonderd myl nie. Sien? So dan, sien, het ons in Ewigheid ingebreek. Ons is aardsgebonde mense wat net duime ensovoorts ken. Wanneer jy in daardie onbekende inbreek, kan jy—jy dit nie begryp nie. Ons verstand is nie omvattend nie. Ons, ons kon nie. Ons kan nie begryp wat dit beteken om daar in te kom nie, maar ons weet dat dit waar is.

78 En Einstein het gesê: "Daar's net een verstandige ding om van die wêreld te sê. Deur geloof verstaan ons dat God die wêreld aanmekaar gesit het." Sien?

79 En die wêreld, wat daar in die ruimte staan, dit moes van iewers af gekom het. Die wetenskap sê dis 'n deel van die son. Waar het die son dan vandaan gekom? Sien, jy bly dit afbreek, totdat jy uiteindelik by 'n plek kom waar jy moet uitvind, dit moes 'n begin gehad het. Sien? "God het die hemele en die aarde geskep," word ons in die Bybel geleer. En hoe staan dit daar in sy ruimte? Dit beweeg nooit. Jy nie. . .

80 Jy kan nie 'n instrument neem. . . Ek het gedra, van my Finse, my dienste oorsee, en Switserland, een van hulle beste horlosies

wat vir my gegee is, terwyl ek daar was. Dis ’n regte. . . Ek dink, in Amerikaanse geld, kos dit honderd-en-vyftig, tweehonderd dollar, miskien meer. En tog sal daardie horlosie wen en verloor, net binne ’n paar dae. Ek het dit geneem na ’n juwelier. Hy het gesê: “Wel, ons het niks wat perfek hou nie.” Sien?

81 Maar die wêreld hou, perfek, op sy tyd. Hulle kan die verduistering van die son en die maan bepaal, baie, baie jare uitmekaar, net tot die minuut. Hoe dit draai, en tog niks wat dit ophou nie.

82 Wat is op en wat is af? Ons weet nie. Is die Noordpool op, of die Suidpool op? Ons is in die ruimte. Dis ’n paradoks, is dit nie? Dit kan nie verduidelik word nie. Enigiets wat—wat nie verduidelik kan word soos daardie nie, is eenvoudig ’n paradoks. So ons vind uit dat dit ’n paradoks was vir die wêreld om—om in die ruimte te wees. Goed.

83 En tyd en seisoene, hoe kruis dit sy seisoene net op dieselfde tyd? Hoedat, somer en winter. . . Hoe dit leun, dit leun terug. As dit regop was. . .

84 Nou, ons het dit bewys, eenkeer, dit regop was, soos God gesê het dit was. Bo, die Britse ysvelde, hulle kan vyf—honderd—voet deur daardie ys skiet, daar is palms, varings, wat wys dit was eenmaal ’n trope. En nou, sien, dit leun terug. Vanaf die sondvloedverwoesting, het dit teruggeleun. En ek glo, die einste ding wat hulle dit uit sy siklus gegooi het, is nou gereed om dit terug te gooi in sy siklus.

85 Die mens vernietig homself deur sy kennis. Sien? Hy nooit. . . God vernietig niks. Die mens. . . En jy. . . Ons kan nie. Maak nie saak wat ons—ons kan versap nie, ons kan nie vernietig nie. Daar’s niks. En selfs so ver as die naaste wat ons het aan vernietiging, maar jy kan nie vernietig nie. Wanneer vure brand, is dit gasse wat afbreek. Dit gaan weer reguit terug na sy oorspronklike toestand. Jy kan niks vernietig nie. Party mense raak so skuldig totdat hulle hulle liggaam wil—wil neem en dit laat verbrand, en dit blaas na die sewe winde van die seës. Maar dit maak nie enige verskil nie. Jou. . . Dit is nie vernietig nie. Jy kan nie vernietig nie. God het dit geskep. Jy kan nie afbreek. . . Jy kan—jy kan verdraai of aangaan, of ander dinge doen, maar jy kan nie vernietig nie. God is die enigste Een Wie kan vernietig. Hy’s die skepper. Hy’s die enigste Een wat ’n reg het om dit te doen.

86 Hoe dit in die ruimte staan! Soveel wat ons daaroor kan sê, ure neem daaroor. Maar ons vind hier uit dat Josua, wat die son gestop het, nou, dis ’n paradoks.

87 Ek onthou die tyd dat my ou vader, hy het geen geleerdheid gehad nie, en ek. . . Hy kon net skaars sy naam teken. Maar hy het altyd vir my gesê, hy het gesê: “Jy weet, ek kon dit—dit nooit glo nie, maar dat die son draai, teenoor die wêreld.”

En ek het gesê: "Wel, ek weet nie, pa."

88 Eendag in die hoërskool, ek weet ek het gepraat met die hoërskool onderwyser daar, van—van die Bybel, en—en ek het hom hierdie vraag gevra van Josua. Hy het gesê: "Die draai van die aarde het die swaartekrag gemaak, en die swaartekrag het die—die wêreld bo gehou."

89 En ek het gesê: "Dan, waarom dan, (jy onderrig die Bybel), het Josua die—die son beveel om stil te staan?"

90 Hy het gesê: "God het sy oë geknip vir sy onkunde, sien, en die wêreld gestop."

91 Ek het gesê: "Jy het pas vir my vertel . . ." Nou, hy het nie geglo in die wonderwerke van God nie. Sien? En hy het gesê . . ."Jy het my pas gesê: 'As die wêreld ooit gestop het, sou dit sy swaartekrag stop, dan sou dit soos 'n komeet deur die lug trek.' Ek het gesê: "Die Bybel het gesê dat die wêreld hier stilgestaan het vir vier-en-twintig uur." Sien? Sien?

92 Dis 'n paradoks. Maar, God het dit gedoen, in elk geval, (wat?) deur 'n mens; nie 'n god nie, nie een of ander groot Engel wat afgekom het uit die Hemel nie; 'n mens, met geloof in die opdrag wat hy gegee is, om daardie land in te neem. Die Woord van God was agter dit: "Ek gee vir julle hierdie land. En oral waar die sole van julle voete sal trap, dit gee Ek vir julle. Dis julle s'n." Voetstappe het besitting beteken. En die son is wat . . .

93 Die—die prestasie wat hy wou doen! Sien? Sy vyand was verslaan, en hy het geweet, as die son ooit ondergaan, sou daardie konings bymekaar kom en hulle sou weer terugkom na hom met dubbele magte. So, die son het gesak, en Josua, 'n man, wat beveel is om dit te doen. Het gesê: "Son, staan stil."

94 Wat ook al God gedoen het, weet ek nie. Maar die son het stilgestaan, die maan oor Ajalon, omdat 'n man, 'n mens, 'n mens in die lyn van plig was. In die lyn van plig, het hy die son beveel om stil te staan. En as ons Christene is, moet ons Hierdie glo as die onfeilbare Woord van God, oral. Hy het die wêreld gestop, die son gestop. Wat ook al Hy gedoen het, dit het stilgestaan vir vier-en-twintig uur. Ek glo dit.

95 Jesus het gesê, in Markus 11:22: "As jy vir hierdie berg sê: 'Hef jou op,' en nie in jou hart twyfel nie, maar glo dat wat jy gesê het sal gebeur, kan jy kry wat jy gesê het."

96 Maar dit neem motief en doel. Natuurlik, jy moet 'n rede daarvoor hê. Jy kan nie geloof hê behalwe as jy 'n rede het nie. En soos ek gisteraand probeer sê het, party mense se geloof is in hulle handboek, party mense se geloof is in iets anders, maar hang af waarop julle geloof is. Ek wil God se Woord glo, wat Hy sê waar is. Dan moet ek kyk of dit Sy wil is of nie. Dan, indien Sy wil, moet ek my doel nagaan daarmee, en dan my motief om dit te doen.

97 As ek dit doen omdat ek sê: "Wel, ek gaan oor die berg hier. Daar is 'n berg voor my. Daar's 'n miljoen mense aan daardie kant, wat vergaan. Ek het 'n honderd miljoen hier oorkant waarvoor ek preek." Wel, as ek nie kan oorgaan nie, om, of onder die berg, of niks nie, en tog iets in my hart wat vir my bly sê: "Gaan oor die berg. Gaan na hulle toe. Gaan na hulle toe," en ek kan nie daar oorkom nie. Nou, Jesus het gesê: "Hulle sal hierdie berg ophef." Sien? As . . .

98 Nou, die ding daaromtrent is, is eerstens, wat as ek sê . . . Nou, eerstens, ek het nooit—ek het nooit dit daarin geskep nie. Iets het dit geskep. Dis vir 'n goeie doel. Want, waarom sal ek na 'n miljoen gaan, wanneer 'n honderd miljoen hier, aan die vergaan is aan hierdie kant? Maar dis iets in my hart, wat sê: "Gaan oor na *daardie* kant."

99 Nou, die eerste ding, sal ek moet sê: Wel, as ek soontoe gaan, kan *hierdie* kant my net *soveel* per maand betaal. En daar oorkant, hulle . . . " Sien, my motief is nie reg nie. My doel is nie reg nie. Nee.

100 Wel, wat as ek sê: "Nee, ek gee nie om oor die geld nie. Maar wanneer ek daar kom, eendag, die—die eeue om te kom, sal hulle 'n yslike groot monument oprig, sê: 'Broer Branham, die groot sendeling'"? Dan, steeds, is my motief nie reg nie.

101 Maar as ek nie omgee of hulle ooit weet wie soontoe gegaan het nie: "Hy's net in my hart," dan sal ek met daardie berg praat. Dit sal gebeur. Sien? Dit moet.

102 Maar, sien, jou motief en jou doel hang af van wie jy is en watter saak. Wat jou . . . Wat? Dis waar die kerk dit mis, so ver. Hulle word opgewerk in 'n emosie, en, eerste ding waarvan jy weet, in entoesiasme, stop jy nie om dit weer Hier agter na te gaan nie. Gaan Daar na, verseker, dan is dit SO SPREEK DIE HERE. Kyk of dit reg is.

103 Josua het 'n opdrag gehad om oor te gaan en daardie land te neem, en God het 'n groot paradoks veroorsaak. Selfs wetenskap kan vandag bewys, die litteken is steeds in die lug, waar dit absoluut gebeur het. Ek het gehoor in Chicogo, nie lank gelede nie, 'n wetenskaplike wat gepraat het, wat dit gewys het op 'n klein diagram, waar dit gebeur het.

104 Nou vind ons uit, weer, Moses was in die lyn van plig, ook. En daar was die Skelfsee.

105 Het julle daardie voorbarige artikel gesien wat party van daardie mense nou probeer maak, dat Moses deur 'n—'n klomp riete gegaan het, 'n see van riete? Was dit nie verskriklik nie? Probeer net . . . Die duiwel wat daardie mense inspireer om die Waarheid van die Woord weg te neem. Hoe kon die waters . . . En het die riete toe vir Farao verdrink toe hy gekom het? Dis kranksinnig. Sien?

106 Toe vind ons uit dat Moses 'n opdrag gehad het om daardie volk uit Egipte te bring, na daardie berg. En daar was dit, in die lyn van plig. En Moses het begin uitroep na God, toe hy die Vuurkolom hierbo sien hang het. En daar het Farao se strydwaens gekom. En hy het uitgeroep. Die—die Vuurkolom het afgekom, was lig vir *hulle*, en duisternis vir *hulle*. En God het gesê: "Waarom roep jy uit na My? Ek het jou opdrag gegee om dit te doen. Spreek en gaan vorentoe." O, goeiste!

107 Die probleem daarmee is, vandag, die kerke spreek, lyk asof, sê: "Wat het Moody gesê? Wat het Sankey gesê?"

108 Spreek en sê wat God gesê het. Laat ons vorentoe gaan, nie terugkyk nie. Gaan *hiernatoe*.

109 Dis moeilik by hierdie, om om die draaie te gaan. Kerk wil dit nie glo nie, julle sien. Hulle verwys altyd terug na waar hulle opvoedkundige standpunt. Want, dis 'n skool, in ditself. Sien? Hulle leer dit deur boekstudie. Ons ken Dit deur ondervinding, van God vertrou, sien, en weet dat Hy dit wel doen.

110 Dit was 'n paradoks, dat God daardie Dooie See oopgemaak het, en daardie groot ding gedoen het.

111 Noag, in sy tyd. Onthou, Noag het gepreek in 'n intellektuele . . . aan 'n intellektuele wêreld, soos ons lui- . . . nou voor preek, 'n dag waar hulle verder gevorder was in wetenskap as wat ons nou is. Ons kon nooit 'n piramiede bou nie. Daar's geen manier vir ons om dit te doen nie. Ons het nie die masjienerie om dit mee te doen nie. Party van hulle—hulle . . . As julle ooit daar was, wel, daardie—daardie rotse het tonne geweeg, honderde tonne, ver bo in die lug. Ons het geen masjienerie om dit daar op te lig nie. Glad niks om dit mee te doen nie. Geen krag wat dit daar sou oplig nie. Hulle het dit gedoen.

112 Ek onthou in die skool, het ons 'n debat daaroor gehad. Ek het die—die kant geneem om te sê dat hulle een of ander geheim gehad het. Hulle het nie geweet . . . En my opponent, hy het die kant geneem om te sê, dat, wel, hulle het genoeg mans daarom gehad, en hulle het 'n—'n gelykte van grond geneem, soos *hierdie*, en hulle het dit opgerol. Ek het gesê . . . Ek—ek het gewerk in 'n seksiespan, ek het gesê: "Wel, ons kan nie . . . Jy kan 'n treintrok neem met wiele, en hulle geghries, en hulle op die treinspoor sit, en jy kan nie genoeg mans daarlangs sit om die treintrok te stoot, en dit leeg nie. Dis reg. Jy kry net een laag manne, en dan die volgende man stoot net—net teen daardie man. Sien? Jy kan dit nie beweeg as jy moes nie.

113 Hulle het 'n geheim gehad. Hulle het geweet hoe om dit te doen. Hulle het 'n groter, 'n groter instrument gehad. Daardie piramiede sit so presies in die middel van die aarde, gerig, daar's nie 'n . . . Daar's—daar's nie 'n skaduwee om dit, maak

nie saak waar die son is nie. Dit het nooit 'n skaduwee om dit nie. Sien? Dis 'n—dis 'n volmaakte ding wat hulle gedoen het. En hulle instrumente was ver bokant wat ons nou het.

114 En Noag het in daardie groot intellektuele eeu gepreek. En Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag," nog 'n groot intellektuele eeu. Sien?

115 Nou, onthou, Noag het 'n boodskap van God gehad: "Dit sou reën." Wel, daar nooit. . .Sien, die wêreld het regop gestaan in daardie dae. Sien? Hulle het nooit reën gehad nie. Maar Noag het gesê: "Dit gaan reën." Die water was op die aarde, nie in die hemele nie. Hulle kon 'n instrument neem en bewys daar was geen water daar nie. Maar Noag het gesê: "Dit gaan gebeur, in elk geval." Sien? En dit het gereën. Dit was 'n paradoks, sien, iets wat nie verduidelik kon word nie. Maar God het die aarde rondgeskud, net in 'n toestand sodat dit sou reën. So, julle sien, dit was 'n paradoks vir Noag om dit te doen.

116 Ook, dit was 'n paradoks toe Israel gestaan het aan een kant van die heuwel, en Góliat aan die ander kant van die heuwel. Hulle het 'n groot uitdager daar oorkant gehad. Hy was 'n groot wetenskaplike. Hy—hy het al die besonderhede daarvan geken. En wanneer die vyand dink hy het jou teen 'n muur, dis wanneer hy daarvan hou om die hardste te blaf.

117 Ek onthou, ek die eerste keer uitgegaan het in hierdie bediening, o, daardie pastoor, Davis, het vir my gesê. Hy het gesê: "Billy, wat in die wêreld het jy geëet daardie aand vir aandete?" Sien? Hy kon dit nie verstaan nie.

118 Ek het 'n groep predikers saam met my gehad. Hulle het gesê: "Wat's fout met jou? Dink jy dat daardie. . . "

Ek het gesê: "Ek gee nie om nie."

119 "In die dag van hierdie wetenskaplike eeu waarin ons lewe, en jy wil vir my sê dat God. . . "

120 Ek het gesê: "Ek gee nie om wat jy sê nie. Daardie Man, daardie Engel van die Here, het nog nooit vir my enigiets verkeerds gesê nie." Ek het gesê: "As Hy my daar uitstuur, sal daar iemand wees wat daarna gaan luister. As die Baptiste kerk nie wil nie, dan hier is my gemeenskapskaart." Dis al. Ek het geweet God het so gesê, en dit het dit afgehandel. Reg.

Gesê: "Jy kan dit nie doen nie."

121 Dis daardie reus wat daar oorkant staan, wat sê: "As jy hiernatoe sal kom, stuur een van julle manne en beveg my, dan sal ons geen bloedvergieting hê nie." O, goeiste, hoe maklik! Hoe hulle daarvan hou om te blaf wanneer hulle dit so het. Gesê: "Laat een van julle grootste manne. . . " Natuurlik, Saul was kop en skouers bokant sy leër, en hy het beter geweet as om uit te gaan en daardie kêrel op sy gronde te ontmoet.

122 Hy het gesê: "Nou, ons sal niemand doodmaak nie. Ons sal net twee van ons laat—laat; een van ons sterf. Net een man sterf in plaas van die hele leërs hier sterf." Hy het 'n—'n sielkundige punt gehad. En julle let op hy het gesê . . .

123 En Israel was tot die dood toe bang. Hulle wou nie die uitdaging aanvaar nie.

124 Maar eendag het 'n klein, ou rooierige kêreltjie opgekom, stuk skaapvel om sy skouers gedraai, geboë, sy hare in sy gesig, daar opgekom om vir sy broers 'n paar rosyntjiekoeke te bring, wat die vader hom daarmee opgestuur het. Sy naam was Dawid; klein, ou maer kêreltjie wat daar rondgestaan het.

125 Maar, julle weet, daar was, 'n paar dae tevore, 'n profeet wat hom gesalf het.

126 Hulle wou dit op sy groter broer se kop geplaas het, want hy't beter gelyk, julle weet, wat indruk gemaak het aan die—die mense waarvoor hy sou staan. Hy lyk soos 'n koning.

127 O, dis wat die wêreld steeds het, hulle oë vol van Hollywood. Behoort vol van Christus te wees. Sien? Dis waarom dit so moeilik is om die program oor te bring na die mense, die Boodskap. Hulle wil Hollywood wees. Hollywood skyn. Wel, dit skyn. Nou, ek lewe . . .

128 Ek's 'n—ek's 'n prospekteerder. Julle weet, ysterpuriet skyn helderder as goud. Enigiets wat skitter, alles wat skitter, is nie goud nie. In elk geval, goud skitter nie. Dit gloei.

129 En Hollywood skyn met skitter, terwyl die Evangelie gloei met nederigheid. Hollywood skyn met sy groot mooi kerke, sy sielkundig, geleerde predikers wat kan praat en hulle naamwoorde en voornaamwoorde en alles net reg kan gebruik. Terwyl, die Evangelie van Jesus Christus gloei, in nederigheid, tot die heerlikheid van God. Waar, hulle niks meer Daarvan weet as 'n konyn weet van sneeuskoene nie. Hulle net . . . Dis net so ver . . . Verskoon daardie uitdrukking. Hierdie is geen plek daarvoor nie. Sien? En, maar dis wat ek—ek probeer bedoel, julle weet. Hulle, hulle verstaan Dit nie. Hulle dink dit moet blink gevryf word in 'n geleerdheid. En—en ons Pinkstermense word so. Hulle predikers moet weggaan en soveel grade van sielkunde kry, weet net hoe om "amen" net reg te sê. Dis reg. O, dis 'n skande, vriende. Dis 'n skande onder ons.

130 Nou, dit is nie dat ek teen die kerk is nie. Ek's teen daardie stelsel, wat goddelike manne vat en dit doen. Ons het nie nodig om te skyn nie. Ons sal nooit die vyand oorkry op ons grond nie. O, ons kan nooit oorgaan op die vyand se grond en mooi en skitter, welgeklede en geestelike krae, en alles, en ons koor bekleed en alles soos hulle hê nie. Moenie op hulle grond gaan nie. Ons kan nooit vergelyk met hulle nie.

131 Laat hulle, as hulle honger is, oorkom na ons. Ons is volle Evangelie. Amen. Laat ons so bly. "Die Evangelie het nie in Woord alleen gekom nie, maar deur krag en manifestasie van die Woord." Dis wat die skrywer gesê het: "Krag en manifestasie." Met ander woorde: "Die Woord, bevestig, is die Evangelie," sien, Markus 16.

132 Let nou op, ons vind dat in die dae van Noag, dat, terwyl hy gepreek het, kon hulle skaars iets soos daardie glo. Hulle. . .Noag het geglo vir so-iets. Maar uiteindelik het die paradoks gekom, en dit het gebeur. Dit het werklik gereën.

133 Toe in die dae van Dawid, vind ons uit dat toe Saul daarbo was met sy hele groot leër, en hierdie klein rooierige kêreltjie daar opgekom het, en—en gekom het om 'n paar koeke na sy broer te bring, van sy vader af. En hierdie reus het uitgekom en sy uitdaging een keer te veel gemaak. Daar was 'n ware man van God wat daardie uitdaging gehoor het. En hy het omgedraai, hy het gesê: "Julle wil vir my sê dat julle, die leër van die lewende God, daardie onbesnede Filistyn, daarbuite, sal laat staan en vir julle vertel die dae van wonderwerke is verby?" Of, wel, dieselfde beginsel, sien. "Laat daardie onbesnede wetenskaplike vir julle vertel, die leërs van die lewende God uitdaag?" Gesê: "Ek's skaam vir julle, en julle is veronderstel om opgeleide manne te wees." Gesê: "Ek sal hom gaan beveg." O, ek bewonder sy moed. Hy het geweet wat hy geglo het.

134 So, Saul het hom soontoe geneem, gesê: "Seun, nou, ek bewonder jou moed. Maar, onthou, jy's niks anders as 'n jongeling nie, sien, en hy's 'n soldaat van sy jeug af. Sien? En jy weet niks van 'n swaard en dinge nie. Nou gaan jy daardie kêrel ontmoet, sy uitdaging trotseer?"

135 Hy het gesê: "Saul, ek het jou dienaar se skape opgepas, en 'n beer het ingekom en een van hulle gekry. En hy het daarmee gehardloop. Ek het gegaan en dit weggevat van hom. 'n Leeu het ingekom en een gekry, en ek het uitgehardloop agter hom aan. Ek het 'n slingervel geneem en hom neergefel. Toe hy opgestaan het, het ek hom doodgemaak." Hy het gesê: "Die Here God wat vir my die oorwinning oor die leeu en die beer gegee het, hoeveel te meer sal Hy nie vir my die oorwinning oor hierdie onbesnede Filistyn gee nie?"

136 Julle weet, ek dink daaraan wanneer ek vir julle bid. Sien? Sien, 'n leeu genaamd "kanker" het ingekom en een van sy skape gekry. Ek het geen medisyne nie. Ek het geen inspuitings nie. Ek weet nie wat radium is nie. Ek weet niks van teologieë en hierdie mensgemaakte dinge nie. Maar ek weet wat is hierdie klein Slingervel. Ek kom hier nou agter jou aan. Ek wil jou terugbring. Dis my Vader se skaap. Partymaal moet ek julle betug, met julle stry, maar dis omdat ek julle liefhet. Altyd, altyd, hou dit altyd in gedagte, dat liefde teregwysend is.

137 As jou seun hierbuite in die straat sit, en jy sê: "Junior, skat, jy moenie daar sit nie. Maar seën jou hartjie, as jy wil. . . " Dis nie 'n ware moeder of vader nie. Jy sal na hom toe gaan en jou oor sy arm draai, hom 'n bietjie agterentste protoplasma stimulasie gee. Hy sal—hy sal hom net regmaak, sien, as jy hom inbring. Maar jy gaan nie daaronder bly, sê: "Nou, Junior, skat," wanneer jy weet die kêrel kan seerkry nie. Jy het hom lief.

Dis waarom ek stry. Ek probeer nie 'n organisasie seermaak nie. Dis, maak hom wakker: "Dis die Waarheid."

138 So ons vind uit dat Dawid gesê het. . . Saul het gesê: "Wel, ek sal jou sê, as jy hom sal gaan beveg. . . " Hy het sy wapenrusting vir hom aangetrek. Huh! Ek stel my voor klein Dawid, waarskynlik vyf voet lank, en krom skouers,; en hierdie skouerkussings omtrent soos *hierdie*, en hierdie staal. Saul het gevind. . .

139 Hy het gesê: "Haal die ding van my af." Gesê: "Ek het dit nooit beproef nie. Ek weet niks van jou etiek en jou. . . al jou preekstoelmaniere en dinge wat jy veronderstel is om te hê nie." Sien? Hy het uitgevind dat sy geestelike onderhemp nie 'n man van God gepas het nie. So hy het gesê: "Haal die ding van my af. Ek weet niks daarvan nie." Gesê: "Laat my gaan met wat ek weet die Waarheid is, waar God my geseën het." Dis reg.

140 Laat my gaan saam met die Woord, nie saam met een of ander opvoedkundige program, of iets wat iemand iewers verdraai het nie. Ek weet God se Woord sal nooit faal nie. Ander manne se woorde sal faal. En God is Sy Eie Interpreteerder. Gesê: "Laat ons so gaan. Laat ons Dit glo."

141 Dokter, sonder twyfel, het vir jou die beste ondersoek gegee wat hy kan, en jou gehelp op elke manier wat hy kan. Maar dis die beste wat hy weet. Ons ken iets anders. Wanneer alle hoop weg is, dan is Hy die een wat kom om ons te help.

142 Ons sien dit, dan, Dawid, nie met 'n pyl en boog nie. Nie met 'n. . . Want, jy kon die reus nêrens tref nie. Hy het net een plek gehad oor sy oë.

143 Dink net, sy—sy—sy groot spies wat hy gehad het, wel, dit sou waarskynlik vierhonderd pond weeg. Sy vingers was veertien duim lank. En dink net aan die helm wat op sy kop was, en sy hele borsplaat.

144 En Dawid het 'n klein klippie gehad. Dis al wat hy gehad het. Hy het nog vier in sy slingervel gehad. Julle weet wat daardie vyf klippe beteken het? G-e-l-o-o-f ["F-a-i-t-h"—Eng.—Vert.] in J-e-s-u-s. Dit het dit gedoen. Sien? Hy het geloof gehad, julle sien, geloof, genade. Hy was die genade van God. En toe het hy gegaan om die reus te ontmoet. Hy het net een plek gehad, en God het daardie klip gerig.

145 En toe hy daardie reus doodgemaak het, om te wys dit kan gedoen word, toe het die res van die leërs hulle swaarde gegryp en daar het hulle getrek. Hulle het hulle verslaan tot onder.

146 Nou, 'n paar jaar gelede, het hulle gesê daar is glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie. Maar toe ons uitgestap het om te bewys dat daar was, toe het die vuur ontvlam in die Pinksterkerk, en ons het 'n vyftien—jaar herlewing gehad. Broer, daardie kritici wat 'n duisend dollars wou gee vir enige bewys, hulle—hulle bly nou stil, want dis bewys. Dokters se stellings en alles; kanker, blind, doof, stom; selfs tot hulle wat dood is, is opgerig. Want, jy ontvang net geloof, deur te sien een ding word gedoen. God is. Die hele ding is daarop gebaseer. Glo elke Woord wat Hy gesê het; vir genesing. Ek glo in die Wegraping. Ek glo in alles wat Hy gesê het, gaan plaasvind. Dit het 'n paradoks veroorsaak, iets wat onwetenskaplik was, maar dit het in elk geval gebeur. Dit was 'n paradoks.

147 Nou, my volgende gedagte was Simson, met sy kakebeen van die muil. Baie, baie vreemd, om hierdie kêrel, Simson te sien. Baie mense probeer dink dat hy—hy was 'n . . . Ek het die sielkundige effek gesien, of 'n prent van Simson met skouers so groot soos 'n skuurdeur. Wel, nou, dit sou geen—geen vreemde ding wees, om daardie man 'n leeu te sien optel en hom verskeur nie. Maar Simson was 'n klein, krul—haar dwergie, soos ons hom sou noem; klein ou kêreltjie, mamma se seuntjie, lang krulletjies wat teen sy rug afhang. En wanneer jy sien . . .

148 Nou, onthou, toe die leeu uitgehardloop het, om vir hom te brul, let op wat gebeur het. Sien? Wat het gebeur? Die Gees van die Here het op hom gekom. Dis wat die verskil gemaak het. Dis die rede waarom hulle hom eenkeer kon vasbind toe die Gees van die Here nie op hom gekom het nie. Sy Nasareense teken was nie daar nie. Maar solank as wat hy daardie Nasareense teken kon voel, laat enigiemand kom wat wou.

149 En dis hoe dit is met julle Pinksters. Wanneer julle daardie etiese deel kry, wanneer julle daardie punt bereik waar julle wil luister na die geloofsbelydenis ensovoorts soos daardie, dan weet ek nie van julle nie. Maar as julle net wil terugkom na hierdie Nasareense teken, die Heilige Gees wat in julle werk, dan is alles reg. Moenie bang wees vir enigiets nie. Solank as wat die Heilige Gees daar is om daardie Woord te identifiseer, laat hulle sê wat hulle wil. Ja, meneer. God doen steeds paradoks.

150 En ons vind uit dat Simson, dink daaraan, met 'n ou bros kakebeen van 'n muil, wat daar gelê het op daardie grasvlakte daar vir baie jare. En enigiemand weet jy kon dit teen 'n klip slaan, sou dit in stukke breek. En die . . . "Simson, die Filistyne is op jou." En hy het omgekyk. Hy het niks in sy hand gehad nie. En hier was 'n duisend Filistyne wat daar gestaan het. So hy het net afgereik, hierdie ou kakebeen opgetel.

151 En jy dink aan daardie helms, was partymaal 'n duim en 'n half dik, bo-oor hulle koppe. En hy het daardie muilskakebeen geneem en 'n duisend Filistyne verslaan. Hum! Hulle wat in die rotse opgeklim het, weggekruip het; het gesê: "Wil julle bietjie daarvan hê? Kom af." Dit was 'n paradoks. Maar die Gees van die Here was op hom. Dis wat die verskil gemaak het. Dit was 'n paradoks om 'n man te sien met goed bewapende manne, opgeleide manne om te veg, met lang spiese, en messe ensovoorts, helms en wapenrustings, en hierdie een man wat alleen buite in die veld staan met die kakebeen van 'n muil, en 'n duisend van hulle verslaan. Maar dis die waarheid. Die Bybel het gesê dit was.

152 'n Man wat die poorte van Gasa kon neem, wat waarskynlik agt ton elk geweeg het daaronder, groot koperpoorte. En hulle het hom omsingel, een aand. Gesê: "Ons sal hom kry." Gesê: "Ons sal elke haar daarbinne kam totdat ons hom kry, maar ons sal hom kry." Maar hierdie klein dwergie het uitgekom omtrent middernag, daar uitgekyk, en die poorte was in sy pad. So hy het hulle net opgetel en hulle op sy skouers gesit, bo-op die heuwel opgeloop en bo-op hulle gaan sit. Dit was 'n paradoks.

153 Jy kan nie God inperk nie. Jy kan Hom nêrens vasbind nie. Hy is God. Sekerlik. Groot oorwinnings wat hy behaal het! Simson, God het hom gebruik en paradoks gemaak. Hy het enigiemand gebruik, solank as wat jy Sy Woord neem, is jy verordineer vir die Saak. As jy nie is nie, wel, bly dan net by diegene. . . Luister dan na die Boodskap.

Nou ons sal opskud. Ek sien ek het nog omtrent tien minute oor.

Die maagdelike geboorte was 'n paradoks.

154 [Iemand sê: "Jy het tot tien—dertig."—Red.] Tien—dertig. Ek sal probeer om nie dit alles te neem nie. Julle was so 'n gawe gehoor, oral. En ek—ek—ek weet ek is veronderstel om hier te staan en 'n toespraak te maak aan hierdie Sakemanne, ensovoorts, maar ek—ek kan nie toesprake maak nie. Ek weet niks daarvan nie.

155 Net, ek onthou hier nie lank gelede nie, Billy, net voor sy bekering, was hy saam met my. En hy het gesê: "Pappa." Ons was in 'n plek, geëet. Daar het 'n liedjie gespeel, julle weet, soos daardie. Hy het gesê: "Is dit nie 'n mooi liedjie nie?"

En ek het gesê: "Watter liedjie?"

156 En hy het gesê: "Pappa, jy weet daar's net een ding omtrent jou wat verkeerd is?"

En ek het gesê: "Wat's dit, Billy?"

Hy het gesê: "Die enigste ding waaraan jy dink is Christus. Dis al."

157 Ek het gesê: "Dis 'n kompliment, seun." Ja, meneer. Hy het gedink hy sal my ontstel, julle sien. Maar, dit, dis. . . Dit het. Dis wat.

158 Ek—ek—ek ken net Hom. Dis al wat ek wil hê. "En om Hom te ken is Lewe." Hierdie ander dinge te ken waarvan ek nie weet nie, dit mag—mag identifiseer as 'n slim man. En ek wil nie 'n slim man wees nie; ek wil Hom net ken. "Ek ken Hom," soos Paulus gesê het: "In die krag van Sy opstanding, dat wanneer Hy roep ek sal uitkom onder die dooies." Dis al. Dis al. En ek wil Hom hê. Ek wil Hom hê. Ek wil my naam op die regte plek hê.

159 Nou, dit was 'n paradoks toe God 'n vrou laat swanger word het. Dit was 'n paradoks dat hoe God, die Ewige wat alle tyd en Ewigheid vul, kon afkom, een klein Babatjie kon word wat huil in 'n krip. Dit was 'n paradoks.

160 Dit was 'n paradoks toe Hy aan die kruis gesterf het. Dit was 'n paradoks, om te dink dat God mens sou word, sodat Hy kon sterf as 'n mens, om Sy eie skepping te verlos. Hy moes dit doen. Daar's niemand anders nie. As dit enigiemand anders behalwe God was, sien, as dit enigiemand anders behalwe God was, is ons verlore.

161 Byvoorbeeld, wat as ek die jurisdiksie oor jou gehad het soos God oor alles gehad het, en ek sou sê: "Wel, ek sê jou wat, enigiemand wat na *daardie* lig kyk gaan sterf, soos die boom te neem"? En die eerste ding waarvan jy weet, hierdie broer wat *hier* sit, hierdie sou daarna kyk. Ek voel jammer vir hom. Ek—ek wil nie hê hy moet sterf nie. So ek sou Terry hier kry, om. . . Dit sou nie reg wees nie. Nee. Wel, as ek my eie seun sou kry om dit te doen? Dit sou nie reg wees nie. Daar's net een manier wat ek regverdig kon wees, en dis sy plek te neem.

162 En God kon nie 'n mens se plek inneem nie, omdat Hy Gees is. So Hy het 'n Bloedsel geskep, wat Sy eie Seun was, Jesus Christus. En God het ingekom en daarin gelewe, en gelewe, Homself geïdentifiseer in Christus. Dit was God, Emmanuel. Jesus het gesê: "Ek en My Vader is Een. My Vader woon in My." Sien? "God in Christus, wat die wêreld versoen." Jesus was die liggaam, die tabernakel, God was die Gees wat in Hom gewoon het.

163 Nou, byvoorbeeld, ons het die Gees ten dele. Hy het Dit sonder 'n perk gehad. Hy was die volheid van die Godheid liggaamlik, God. Maar ons het Dit ten dele.

164 Nou, byvoorbeeld, soos die gawetjie wat ons nou onder ons het. Nou, dis net soos om 'n teelepel vol water uit die oseaan te neem. Jesus was die hele Oseaan, maar hierdie is net 'n lepelvol. Maar onthou, dieselfde chemikalieë wat in die hele oseaan is, is in hierdie lepelvol; net dis meer daarvan daarbuite. Sien?

165 Hy was God. Ons is nie God nie. Ons is nie God nie. Maar, saam. . . As julle oplet, dis so pragtig, geïllustreer. Toe daardie groot Vuurkolom wat die kinders van Israel deur die woestyn gevolg het, Dit verskyn het aan Paulus. Toe Dit afgekom het op die Pinksterdag, het Dit opgebreek, en Vuurtonge het op elkeen van hulle gaan sit. Dit was God in hierdie Vuurkolom, die Logos, wat Homself verdeel onder Sy mense, wat wys dat Christus en die Bruid, sien, God en Sy kerk, een word. Wel, dis net die mooiste ding wat jy ooit gesien het. Dan, saam, broer; nie in verskillende organisasies, sal ons nooit staan nie.

Ek's 'n Kentuckiër. "Saam staan ons, en verdeeld sal ons val."

166 Waarom het die Indiane hierdie land verloor aan die witmense? Is omdat hulle—hulle verdeeld was—was onder mekaar.

167 Hoe gaan ons ooit hierdie groot wedloop verloor? Is omdat ons verdeeld is. Hoe gaan ons dit doen? Ons moet bymekaar bly. Ons is almal gelowiges in God. Die Heilige Gees neem ons almal in. Dit sal 'n paradoks wees as God ons ooit bymekaar kry, maar Hy sal. Vertrou Hom net. Die maagdelike geboorte. . . Hy weet hoe om die vervolging te stuur wat ons bymekaar sal bring. Nou, die maagdelike geboorte was. . .

168 Nou, Pinkster was 'n paradoks, hoedat God 'n klomp ongeletterde vissermanne gekies het wat nie eens hulle—hulle ABC's geken het nie. Daar word vertel dat Petrus nie eens sy eie naam kon teken nie. Die Bybel het gesê dat hy en Johannes, Handelinge 4, onkundig en ongeleerd was, maar tog het hulle opgelet dat hulle by Jesus was. Dis die hoofsaak. En hoe God gekies het. . .

169 Nou, die—die kerk het klomp manne daarvoor opgelei, duisende goeie, intellektuele priesters wat daardie Woord geken het, het hulle gesê, van al die betekenisse daarvan, en alles, dit dag en nag bestudeer het, het dit net in hulle hart gehad, en het Dit nie gesien nie. En God het 'n klomp manne gekies wat nie eens geweet het hoe om hulle name te teken nie. Dit was 'n paradoks. Vanaf 'n man te neem wat opgelei was vir die Woord, en deur die Woord; en 'n man te neem wat niks geweet het van die Woord nie, en die Woord deur hom te bevestig. Dit was 'n paradoks, was beslis.

170 Dit was 'n paradoks, hoedat daardie mense bo in daardie bovertrek daar, bang vir die Jode, en met Jesus gewandel het, maar toe die Heilige Gees gekom het, was hulle nie meer bang nie. Buite in die straat het hulle ingegaan, geskree, en geval, en gemaak soos 'n klomp dronk mense. Dit was 'n paradoks. Die Heilige Gees het op hulle gekom, vroue en al. Hulle was nie skaam vir die Evangelie van Jesus Christus nie. Dit was beslis 'n paradoks.

171 Die ou profete se visioene was ’n paradoks. Ons kan nie ’n visioen verduidelik nie. Hoe gaan jy ’n visioen verduidelik? Dis iets wat gebeur met die persoon, dat hy dinge vooruit sien vir jare om te kom. Dit gebeur presies op die kop. Dit kan nie verduidelik word nie. Daar’s geen wetenskaplike manier om dit te doen nie.

172 Hier ’n tyd gelede, in—in ’n twis met ’n dokter, toe ek by ’n Kiwanies diens was. Hy het gesê: “Mnr. Branham, ek wil nie. . . Ek—ek hou daarvan om jou te hoor praat,” hy het gesê: “maar—maar, ek sê jou,” gesê: “ek—ek kan nie enigiets glo behalwe wat dit wetenskaplik bewys is nie.”

Ek het gesê: “Maak jy aanspraak om ’n Christen te wees?”

Hy het gesê: “Ja. Party Daarvan is raaiselagtig vir my.”

Ek het gesê: “Dan kan jy nie wees nie. Jy moet dit alles glo. Sien?”

Hy het gesê: “Ek—ek kan nie die maagdelike geboorte glo nie.”

173 En ek het gesê: “Wel, ek kan glo—ek kan die maagdelike geboorte meer glo as wat ek die natuurlike geboorte kan glo.” Kan beslis.

174 Hoe, as jy ooit die natuurlike geboorte gesien het, hoe daardie sperm van die manlik, en vroulik. En waar is. . . Wie bepaal wat dit gaan wees? Hier is die sperm van die manlike, met die—die hemoglobien, die bloed daarin. En hier is die vrou, wat die eier is, hierbo. Nou, die eerste twee wat ontmoet, die kiem kruip in die eier in, en die res van hulle sterf. En daar’s tiene van duisende maal duisende van daardie kieme.

En jy sê: “Wel, die eerste op die voorpunt.” Nee, nee. Hulle stop.

175 En miskien sal dit ’n kiem wees wat opkom van die middel van die kieme, en die eier kom van die heel verste ent, en hulle sal bymekaar kom en ontmoet. Dit is bepaal of Dit seun of meisie gaan wees, of dit ’n rooikop of swartkop gaan wees, watter geaardheid dit gaan wees. Iets, onbekend aan die wetenskap, bepaal dit. Dit nie ’n paradoks is nie, wat is? Punt—na—punt is die naaste weg rondom, verstaan ons—ons, maar nie daardie keer nie. God bepaal dit. Wel, die natuurlike geboorte, as ons tyd gehad het om dit af te breek, selfs tot die chemie van die bloed ensovoorts, en dit uitbewys, goeiste, dis ’n groot verborgenheid. Hoe ons—ons dit alledaags aanvaar!

176 En dis die probleem, ons Pinksters, ons neem God te alledaags op. Die hele ding, ons laat dit net verbygaan. Moet dit nie doen nie. Dis nie reg nie. Moet dit nie doen nie. Kyk daarna en prys God daarvoor. Elke klein dingetjie wat gebeur, gee God eer. Dis wat Hy wys, waardeer jy. Wat as iemand vir jou dinge bly doen, jy dank hulle nie eens of niks nie? Dan,

naderhand, raak hulle moeg om dit te doen. Sien? So, nou, God sal ook. Nou, onthou, Hy's in staat om van die klippe kinders van Abraham op te rig.

177 Nou, daardie visioene van die ou profete was sekerlik paradoks. Ons kan hulle nie verduidelik nie. Hulle is sonder verduidelik, verduideliking, maar elkeen van hulle gebeur net volgens wat hulle gesê het.

178 Luister. Net nou, in ons midde, is Jesus Christus hier. Dis 'n paradoks, hoedat Hy lewendig is na tweeduisend jaar. Wie kan dit verduidelik? Hoedat Hy, daardie Gees, onsigbaar, onder ons kan kom, en 'n indiwidu kan neem, en Hom presies identifiseer, Homself verpersoonlik in 'n indiwidu; as jou, as gelowige, en aan 'n gawe. Dis 'n paradoks. Niemand kan dit verstaan nie. Niemand kan weet nie. Hoe perfek Hy net aan elke persoon kan sê, wat dit is, en wat *hierdie* is, en waar *hierdie* is, en wat *daardie* is, en nooit verkeerd kan wees nie. Want, Hy's God. Hy kan nie fouteer nie. Dis 'n paradoks.

179 Hoe is dit nou? Soos ek gisteraand ingekom het, en my broer gehoor het, my veldbestuurder hier, Mnr. Borders, wat gepraat het (ek het net die laaste deel daarvan gekry), van George J. Lacy wat 'n foto geneem het van daardie Engel van die Here. Ondersoek dit. As dit nie dieselfde Vuurkolom is wat die kinders van Israel gevolg het nie! Sien? Hoe weet jy? Dit het dieselfde aard.

180 Toe Jesus op aarde was, het Hy gesê: "Ek kom van God af, en Ek gaan na God toe." En ons weet Hy was die EK IS. En die EK IS was daardie Logos, daardie Vuurkolom. En toe toe Hy teruggegaan het na God, opgevaar het omhoog, was Saul van Tarsus op sy pad af na Damaskus, eendag, en daardie selfde Lig het voor hom ingeval, en hom verblind.

181 Nou, kyk, dis moontlik dat een Dit kan sien, en die ander een kan nie. Tiene van duisende het Dit gesien. Toe ek altyd Daarvan vertel het, sê hulle: "O, dis sielkunde. Hy het Dit net verbeel. Daardie mense, net so onder emosie."

182 Maar toe George J. Lacy daardie foto geneem het, het hy vir my daardie dag gesê, oorkant by—by Houston daar, in die—in die gebou, voor al daardie *Times*, *Life*, en *Collier's*, en almal van hulle daar, die tydskrifte. Hy het gesê: "Mnr. Branham, ek's ook een van jou kritici." Hy het gesê: "Maar ek wil vir jou sê. Ek het gesê dit was sielkunde, maar," gesê: "die meganiese oog van hierdie kamera sal nie sielkunde neem nie." [Leë kol op band—Red.] "...die testamentmaker is dood." Sien? Hy het gesê: "Maar eendag nadat jy weg is, sal dit op tiensent winkels wees." Gesê: "Ek's in 'n posisie om te weet daar was nooit 'n bonatuurlike Wese wat wetenskaplik bewys is nie. Maar," gesê: "hierdie is wetenskaplik bewys. Die Lig het die lens getref." Dan, julle sien, die getuienis wat ek gegee het

vanaf 'n klein seuntjie, dat ek daardie Lig altyd voor my gesien het. En julle weet, julle het die boeke gelees en die gedokumenteerde stellings gesien. Sien? Dis die waarheid. Ek's nie hier om julle te mislei nie.

183 Ek het 'n vrou. Ek het 'n seuntjie, wat my nou die aand gebel het, op die telefoon, gehuil het: "Pappa, kom huis toe." Hoe hy sal huil en aangaan, wanneer hy my sien vertrek, want soveel ongelukke in vliegtuie, en dinge soos daardie. My dogtertjies en hulle, wel, hulle is pappa se dogters. Sien?

184 Ek word betaal uit my kerk. Ek het nooit 'n offerande in my lewe opgeneem nie. Ek vra nie mense nie. Wanneer mense my geld gee, plaas ek dit in buitelandse sendings. Sien? Party van my trustees, wat net nou teenwoordig sit, weet dis waar. Ek spandeer nie een sent daarvan nie. Ek neem die Evangelie, self. Ek kry genoeg daarin opgebou, ek neem dit, oorsee, en preek vir die mense. Dat, dat julle—dat julle—julle . . . Julle borg hulle. Hulle het een pennie geld nie. En dan wanneer ek soontoe gaan, dan gaan ek soontoe en preek die Evangelie daar oorkant. Die weg is alreeds betaal deur julle Amerikaners. Julle bou julle huis; julle weet niks daarvan nie, maar, daardie Dag, sal julle verstaan. Sien? Dis julle wat dit doen. Ek kry 'n honderd dollars 'n week van my kerk, en dis reg.

185 Ek het geen rede om hierbuite te wees, geen ander manier nie. Maar dis—dis iets in my. Ek kan dit nie vervloek of dit seën nie. Dis, dit, dis 'n pulsasie. Dit—dit dryf my daarnatoe. Julle dink dis maklik, hier staan en preek teen organisasies, en hierdie broers hier sien sit, broers wat hulle nekke reguit uitgesteek het, om my hiernatoe te laat kom?

186 Selfs ons Christen Sakemanne, broers, toe ek vir Demos moes sê van, SO SPREEK DIE HERE, wat sou gebeur in daardie organisasie. Wat het, 'n paar weke gelede, deur Broer Ford en hulle. Vir hulle gesê, twee jaar gelede, om te kyk wat sou gebeur. Sien? Julle kry dit in julle, gaan dit 'n organisasie maak. Wanneer dit gebeur, dan's ek klaar daarmee, daardie oomblik. Dit was 'n oase, omdat die mense, die predikers, sal inkom, omdat dit hulle ondersteuning is. Sien? En dan kan ek die Boodskap bring en die Saad plant, alles wat ek kan.

187 Dis nie omdat ek anders wil wees nie. As ek so is, dan is ek 'n huigelaar. Dan, God sal nooit daardie dinge doen deur 'n huigelaar nie. God wat 'n huigelaar identifiseer? En ver is dit van God.

188 Dit moet Waarheid wees. Maar as ons net onsself kan skud 'n oomblik en besef. Moenie dink dis een of ander man nie. 'n Man het niks . . . 'n . . . God moet iemand kies.

189 Nou, julle geskiedkundiges hier, het God ooit 'n organisasie gebruik? [Verskeie sê: "Nee."—Red.] Nooit. Nou wil ek julle iets anders vra. Wanneer 'n man opgestaan het met 'n boodskap, en

daardie organisasie het 'n organisasie georganiseer na daardie boodskap, het dit net daar gesterf. En God het dit op die rak geplaas, en dit het nooit weer lewendig geword nie. ["Reg."] Nou vra net, vra julleself daardie vraag. Nou, sien, nou dis nie praat teen . . .

190 Nou, daar's Katolieke. Al my mense is Katoliek. Ek's 'n Ier. En al my mense is Iers—Katoliek, en hulle is goeie mense. En ek is nie teen die Katolieke mense nie. Dis die stelsel! Ek's nie teen die Metodiste nie. Ek's nie teen die Pinksters nie. Dis die stelsel wat ons uitstoot. "Ons is *dit*," sien, julle werk vir een prestasie hier. En ons probeer God voortbring, die Bybel. En hulle het alreeds hulle dokumente opgetrek, hulle—hulle vorm van godsdiens, wat hulle glo; en buiten dit, kan jy dit nie oorsteek nie.

191 En julle dink dis 'n maklike ding vir my om hier te staan en dit te sê vir broers wat my liefhet? Julle dink dis maklik vir my om julle susters uit te skel, met kort hare? Julle dink dis maklik vir my om julle mans uit te skel, omdat julle julle vroue kortbroeke en sulke goed laat dra; wanneer daardie vroue geld insit, om my te ondersteun, sending, oorsee? As daar geen geld was wat in die kerk ingegaan het nie, kon ek . . . kon my kinders nie lewe nie. En iemand wat gaaf is met jou en hartlik teenoor jou, dink julle dis 'n maklike ding vir my om hier te staan, wanneer ek mense liefhet?

192 Toe ek 'n seuntjie was, was my pa 'n dranksmokkelaar, ek was gehaat. Enigiemand . . . Gaan dorp toe, ek begin met iemand praat, niemand wou niks met my te doen hê nie. Hulle, hulle sou iemand anders sien verbykom, waarmee hulle kon praat, sou hulle wegstap en my los. En ek—ek het altyd mense liefgehad.

193 Toe ek 'n seuntjie was het ek gesit in, in my—my—my geskiedenisboek gelees. Ek het eendag gelees, en gesien waar Abraham Lincoln van 'n trein afgeklim het hieronder in New Orleans. En daar was 'n veiling van 'n groot swart slaaf daaronder, en—en om hom te teel oorkant met 'n paar groter vroue, om beter slawe te maak. Abraham Lincoln het sy hoed afgehaal, en sy vuis geswaai. Hy was ook 'n Kentuckiër. Hy het gesê: "Dis verkeerd. Dis verkeerd." Ek sê steeds dis verkeerd. God het mense gemaak. Mense maak slawe.

194 God maak ons ons kleur, net soos Hy die blomme maak. Hy het 'n wit blom, 'n blou blom, 'n rooi blom. Los hulle uit. Moet dit nie baster nie. Los hulle uit. Los hulle soos hulle is. Hulle is almal God se blomme. Dis Sy rangskikking. God het die mens gemaak, en die mens maak slawe. Ons hoef nie slawe te wees nie.

195 Soos ek gesê het, hierdie Martin Luther King lei sy mense na 'n kruisiging. Dis kommunisties. Sekerlik, dit is. As daardie

mense slawe was, dan sou ek hieronder gewees het aan die veg vir hulle. Reg. Maar hulle is nie slawe nie. Dis ’n argument, waar hulle skool toe gaan of nie. Sal nie daaroor begin praat nie. Ek het net gedink ek sou dit sê. Sien? Goed. Let op. Dis net die Duiwel. Beslis.

196 Ons is almal mense. Ons kom almal van God af. God, deur een bloed, het alle volke gemaak. ’n Swart man kan my ’n bloedoortapping gee. Sy bloed is net dieselfde as wat myne is. Myne is, ek kan hom een gee. Wie is ek om te stry? Hy is my broer.

197 Maar ek glo nie in trou, ondertrou soos daardie nie. Ek glo nie in ’n wit. . . Wat—watter besigheid sou ’n mooi, jong, intelligente swart meisie met ’n wit man voor wil trou, en basterkinders hê? Wat sou ’n goeie, intelligente swart meisie so-iets wou laat doen? Ek kan dit nie verstaan nie. En waarom sou ’n wit vrou met ’n swart man wou trou, met basterkinders? Waarom bly julle nie soos God julle gemaak het nie? “Wees tevrede met dit wat jy het.” Sien?

Nou let op die maagdelike geboorte, en die profete. Goed.

198 Nou, vandag, is Hy steeds lewend. Hy is steeds hier. Hy bewys Homself deur Sy Woord. Hierdie Woord is God. Glo julle dit? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] En dan is hierdie Woord hier toegeken vir vandag, daar moet iemand verbykom, dat daardie Woord verkwik kan word en daardie Woord laat lewe.

199 Dis toe Hy gebore is, ’n maagdelike geboorte, dit was ongewoon, buitengewoon. Hierdie dinge is buitengewoon, en Hy kon dit nie help nie.

200 Net so min as wat Josef kon help wie hy was. Kyk na daardie vier aartsvaders: Abraham, Isak, Jakob, en Josef. Abraham, roeping; Isak, uitverkiesing; of, omgekeerd. Abraham, uitverkiesing; en Isak, roeping; Jakob, genade; Josef, volmaaktheid, niks teen hom nie. Dit was God, wat sy weg deurgewerk het.

201 Wat? Luther; Wesley; Pinkster; die deksteen, en die Kerk en die Woord word dieselfde, dieselfde ding presies, volmaak. Alles in die wiskunde in die Bybel, plaas ons volmaak.

202 Ek wens ek het ’n maand hier gehad met julle goeie mense. Ons kan gaan sit en dit bespreek, en sien. Sien? Ons sal hom net deurvolg. Lyk spookagtig, totdat jy wegstap en sê: “Ek wonder,” baie van hulle. Nie julle nie, maar baie van hulle, sê: “Ek wonder.” Julle sien, jy moet net die einde daarvan tref en wegstap, net genoeg dat jy kan sien. Sien? En dis hoe God Sy mense roep. Hy doen dit altyd so. Let nou op.

203 Nou, Hy lewe steeds vandag, ’n paradoks, die Vuurkolom wat onder ons geïdentifiseer, wetenskaplik. En Dis steeds hier,

vanaf net destyds in die woestyn saam met Moses. Hy is steeds die EK IS. Nie "Ek was," of "Ek sal wees," nie. EK IS, teenwoordige tyd, wetenskaplik. En deur die . . .

204 Let op hierdie Kolom wat Paulus se oë verblind het, Saul, en daardie manne wat daar gestaan het, het nie eens iets Daarvan gesien nie. Hulle het Dit nie gesien nie. Maar Dit was so helder, vir Paulus, Dit het hom verblind. Hy was van toe af, altyd gepla met sy oë. Sien? Hy, hulle het dit geplaas . . . Nou, kyk, daardie 'n Hebreër.

205 En hy het gesê: "Here, Wie is U?" Nou, sou daardie Hebreër een of ander soort gees "Here" genoem het, daardie stoere man wat geleer was onder Gamaliël, beroemde leraar? En hy het geweet waarom Dit Here was, Dit was die Here wat sy volk uit Egipte gelei het. Daar was die Vuurkolom wat daar gestaan het, wat sê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Gesê: "Here, Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus."

206 Nou hier is Hy dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Sien? Hy het teruggekeer, en belowe Dit sou terugkeer in die laaste dae. Daar is Hy, die Heilige Gees, sien, wat terugkeer in die laaste dae, om mense te bring. Nou kyk.

207 Reg aan die einde van die Jood en die Samaritaan, hierdie manifestasie van die Woord van God, wat die gedagtes geken het wat in die hart is, Hy het dit vir hulle gewys voor hulle weggeneem is. En die sluier oor hulle gesig (waaroor ek sou preek vanaand) het—het hulle verblind. Sien? Hulle het Dit nie gesien nie. Nou, as Hy—as Hy dit tevore gedoen het, met daardie twee rasse mense . . . Wat, ek sê daar's drie. Gam, Sem, en Jafet. As Hy dit gedoen het, en Hy laat hierdie kerk hier ingaan op intellektuele begrip dan het Hy verkeerd gedoen. Maar Hy's dieselfde gister, aan Gam, Shem; Jefet, dieselfde; gister, vandag, en vir altyd. En Hy het belowe om dit te doen. So Hy's geen aannemer van die persoon nie.

208 En kyk hoe Abraham opgekom het deur sy tekens en dinge. En die laaste teken wat hy gesien het wat God gedoen het, was God Self. Hy het Hom in Ligte gesien en alles anders; maar God Self is gemanifesteer in 'n menslike Wese wat eet en drink.

209 'n Man het eenkeer vir my gesê, 'n prediker, Broer Foss. Hy het gesê: "Broer Branham, wil jy vir my sê, jy dink daardie Een wat geëet het was, dat daardie Man wat daar gestaan en daardie kalf geëet het, en mieliebrood geëet het, en die melk, dink jy dat dit God was?"

210 Ek het gesê: "Sekerlik. Abraham het gesê dit was. Hy was die een wat met Hom gepraat het. Hy behoort te weet. Hy het gesê dit was Elohim." Ek het gesê: "Jy . . . "

211 Sien, Hy het afgekom om ondersoek in te stel, soos Hy nou maak in die ondersoekende oordeel, sien wie gelowiges is. Ons het soveel daaroor geskree. Net ondersoek, kyk wie regtig gelowiges is. Sien? En Hy het Homself gemanifesteer.

212 Hy het die klein koringtipe daaronder ingestuur, soos in die moderne boodskappe wat ons in Babilon hoor.

213 Maar kyk wat Hy gedoen het daar aan daardie uitverkore kerk. Hy het dit ook 'n kans gegee. Sien? Sien wat ek bedoel? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En hy het dit gekoop. . .My God, wat het Hy gedoen? Julle weet, ons is gemaak uit sestien verskillende elemente van die aarde; potas, en—en petroleum, en kosmiese lig, en wat nog. Hy het oorgereik en 'n hand vol atome gekry, en kosmiese lig, petroleum, gesê: "Whew! Stap daarin, Gabriël." En een gemaak daar in te stap, Self, Dis ons God.

214 En toe Hy Sy boodskap vir Abraham gegee het, het Hy verdwyn en weer reguit terugverander na God. Al daardie atome en dinge het net opgebreek. Soos 'n vuur die sure en—en chemikalieë in die hout of steenkool opbreek, of wat jy ook al brand, terugverander na die onsigbare. Ek is so bly my Vader is so.

215 Sien, ek weet, nadat hierdie liggaam niks geword het nie, maar jy nie meer kan sien nie, net die chemikalieë waar dit was; eendag sal Hy roep, en ek sal Hom antwoord. Ja, meneer.

216 My vrou het gesê, hier nie lank gelede nie. Ek het hierdie twee of drie hare gekam wat ek oor het. En sy het gesê: "Billy, jy weet wat? Jy raak heeltemal bles."

Ek het gesê: "Ek het nie een van hulle verloor nie."

Sy het gesê: "Dan, sê my waar hulle is."

217 Ek het gesê: "Goed, skat, ek sal, wanneer jy dit doen: sê vir my waar hulle was voor ek hulle gekry het; ek sal met jou saamstem. Sien? Waar hulle ook al was voor ek hulle gekry het, wag hulle daar vir my om na hulle te kom." Amen. Halleluja!

218 Dis my God. Dis ons God. Sekerlik. As ons Abraham se kinders is, glo ons dit. Ja, meneer. Hy is ons God.

Ek moet opskud.

219 Die Vuurkolom is wetenskaplik geïdentifiseer, en deur die reaksie, en deur Sy karakter en alles anders, net dieselfde. Soos Dit was toe Dit gewoon het in die liggaam van God se eniggebore Seun, so woon Dit in die liggaam van Sy aangenome seuns vir die laaste dag.

220 Nou, ek weet, broers, ons het 'n klomp van hierdie nabootsing gehad. Maar die Bybel het gesê dit sou gebeur, julle weet dit: "Soos Jannes en Jambres Moses weerstaan het." Sien? Dit moet net gebeur. Maar moenie dat—moenie dat dit julle

verblind nie. Wanneer julle 'n vals dollar sien, onthou dis gemaak vanaf 'n regte een. Sien? As dit nie is nie, is dit die—is dit die oorspronklike.

221 Maar daar is 'n oorspronklike Heilige Gees, oorspronklike Christus, sekerlik. Hy is die Heilige Gees. Let nou op, en die Vuurkolom lewe steeds vandag, onder ons. Na al hierdie duisende jare, en steeds is Dit hier. Dis 'n paradoks.

222 Die saad in die grond is 'n paradoks. Ek gaan afsluit, omtrent twaalf minute. Die saad in die grond is 'n paradoks. Hoedat daardie saadjie in die grond sal ingaan en sterf. En dan wanneer daardie saadjie in die grond sterf, dan mag jy 'n handvol van die grond neem, en dit na die laboratorium neem en dit ondersoek, jy kon nie daardie kiem van die lewe vind as jy moet nie. Daar is niks wetenskapliks daar, om te wys dis daar nie. Maar laat die son net omkom in sy regte plek. Kyk wat gebeur. Dit kom van iewers af. Dit st-. . . Dis 'n paradoks. Hulle kan dit nie verduidelik nie. Sien, alles daarin sterf behalwe die lewe, en die lewe is onsigbaar. En waar ook al die lewetjie is, dit is bonatuurlik. En die natuurlike liggaam is heeltemal vergaan, maar die bonatuurlike lewe steeds.

223 Nou, daardie saadjie kan begrawe wees. Nou luister na my, vriende. Daardie saadjie kan begrawe wees in die grond. En as daardie saad nie bevrug is deur die maat nie, ek gee nie om hoe mooi die saad is nie, dit sal nooit lewe nie. Sien?

224 Ek gee nie om hoe mooi ons kerke word, hoe goed ons probeer probeer aantrek, hoe gaaf en intellektueel ons mag word nie, as ons nie in kontak kom met die Maat (en die Maat is die Woord) nie, sien, kan jy nie opstaan nie. Daar's geen manier vir jou om dit te doen nie. Sien?

225 Julle weet, ons neem mielies. Ons lewe in 'n dag van baster. Alles is baster, totdat hulle selfs die kerk baster. Dis reg. Hulle het die kerk verbaster, vanaf die Woord, na intellektuele geloofsbelydenis, denominasie. Jesus het nooit gesê: "Gaan maak denominasies," nie. Hy het nooit gesê: "Gaan bou skole," nie. Gesê: "Preek die Evangelie, demonstreer die krag van die Woord van belofte vir die dag." Sien? Maar ons baster dit. Nou het ons 'n mooier kerk.

226 Julle Pinkstervroue, julle moeders het gestaan op die hoek, geen kouse aan nie; klein, ou verslete skoene, daardie tennis, 'n tamboeryn geslaan. Die denominasies het vir haar gelag en haar bespot. Pa het daar gestaan, wat 'n haarsny nodig gehad het, en mielies opgetel op die pad iewers, om julle kinders kos te gee. Dis jammer julle het wegbeweeg daarvan.

227 Nou, het julle 'n klomp Rickies daarbinne wat soos die res van hulle wil wees, soos Israel het, wou 'n—wou 'n koning hê van hulle eie. Julle wou julle eie maak. Sien? En nou wat het julle? 'n Klomp geleerde Rickies. Dis reg. Hulle het hierdie

intellektuele. Hulle wil soos die res van hulle wees, Dr. *So-en-so*, en Dr. *So-en-so*. Sien? En waarby het dit julle gebring? Julle is mooier. Dis reg. Hulle is beter kerke. Maar waar is daardie Gees wat daarbinne was? Waar is daardie heelnag bidure: "Daardie sonde van die stad"?

228 Onthou, die Heilige Gees het gesê: "In die laaste dae, gaan seël net diegene wat ween en uitroep vir die gruwels wat gedoen word in die stad."

229 Ek wil hê julle predikers moet julle hande lê op daardie lidmaat van julle kerk, julle Pinksterpredikers. Dan, wanneer julle dit vind, dan kom julle en ek sal vir julle om verskoning vra. Julle vind daardie lidmaat van julle wat nie dag en nag kan rus, vir ween vir die gruwels van sondes wat in die stad gedoen word. Negentig persent van hulle bly by die huis en kyk liewer *Ons Hou Van Suzy*. O, julle praat met tale, sekerlik, spring op-en-af en skree. Dis reg, niks daarteen nie; niks teen julle organisasie, ook nie. Maar ek probeer praat van Lewe. Waar is Dit?

230 Nou julle wys vir my daardie lidmaat. Kyk hoe wêrelds, hoe onverskillig. Die buitekant druk altyd uit wat aan die binnekant is. "Aan hulle vrugte word hulle geken." Waar is Dit? Ek vra net. Antwoord net julle vraag, voor julle veroordeel word. Sien? Vra net daardie vraag. Goed. Sien? Ek probeer julle nie seermaak nie. Ek probeer julle help. Sien? Ek probeer julle help.

231 Daardie saad moet sterf. Toe die Jood. . . Hierdie Grieke het na Jesus toe gekom en gesê: "Ons wil Jesus graag sien." Jesus, wat het Hy gesê? Die eerste ding wat Hy gesê het: "As 'n koringkorrel nie in die grond val, sterf nie, bly dit alleen." Hy het hulle gewys hoe om te sien; sterf aan jouself, sterf aan jou etiek, jou geloofsbelydenisse, en dit alles. Word net gebore in die Woord, in Christus. Dis 'n paradoks, om dit te sien voortkom. Ja.

232 Ek onthou, hier nie lank gelede nie, was ek onder, 'n plekkie genaamd Acton, Kentucky, ver agter in die berge, was nooit daar tevore nie. 'n Kêrel genaamd Mnr. Woods, en ek. . . Hy was 'n Johova Getuie. En hy was by een die dienste, en die Heilige Gees het gespreek. Hy het 'n seun gehad met 'n kreupel been wat opgetrek was onder hom soos *daardie*. Ek het gestaan op die platform, net gepreek. En ek het gekyk. Ek het gesê: "Ek sien 'n man wat ver in die agterkant van die gebou sit." Drie keer so lank as wat dit hier is, 'n groot tent. En ek het gesê. . . En ons was bo rondom, o, dis bo op die Groot Mere. "En—en hierdie man," ek het gesê: "Hy het 'n seun. Die man kom van Kentucky, ver onder in Kentucky. Hy's 'n kontrakteur. Sy naam is Banks Woods. Hy't 'n seun wat polio het. Sy been is opgetrek onder hom." Ek het gesê: "SO SPREEK DIE HERE, hy's genees." So, die vrou het daar gestaan.

233 Nou, daar's net baie mense wat net hier staan vanmôre, my mense, wat David Woods ken. Hoeveel ken David Woods, weet? Dis reg.

234 Net toe het hy opgestaan, en sy been perfek normaal. Dit het die Jehova Getuie probleem afgehandel. En het behalwe dit, deur daardie selfde visioene, al sy mense gelei.

235 Sy broer het ingekom en met hom te spot en hom net uitmekaar getrek, gesê: "Wat doen jy, om een of ander soort fanatikus te volg soos daardie, sommige van hierdie moderne dag se sektes?" 'n Leser in die Jehova Getuies.

236 Hy het gesê: "Wel, die man is daarbuite aan die gras sny." Ek het 'n groot ou strooihoed opgehad, en buite in die veld, aan die sny. Ek het ingekom, gaan sit. Hy het gesê, Broer Banks het gesê: "Hierdie is my broer, Lyle."

Ek het gesê: "Aangename kennis, Mnr. Wood?"

Gesê: "Aangename kennis?" O, baie arrogant.

237 Ek het 'n rukkie daar gesit, en die Here het 'n visioen gegee. Ek het gesê: "Mnr. Wood," ek het gesê: "ek veronderstel jy glo dit nie?"

238 Hy het gesê: "Ek glo beslis nie." En hy het gesê: "Daar's nie so-iets soos daardie dinge nie." Gesê: "Dis net 'n klomp verdigsel wat jy my broer mee laat deurmekaar raak het."

239 Ek het gesê: "Jy weet, die Bybel het gesê: 'Een woord teen die Heilige Gees sal nooit vergewe word nie.'" Ek het gesê: "Wat? En Jesus het dieselfde ding gedoen."

240 Sien, hy het dit nog nooit gesien nie. Sien? So hy—hy het gesê: "Ek glo nie in so-iets nie."

241 Ek het gesê: "Goed. As jy in so-iets sou glo, sou jy teruggaan na jou vrou wat jy verlaat het." Hy het omgekyk na my. Hy het oorkant toe gekyk. Nou, hy het nie geweet dat ek sy gedagtes gevang het nie.

242 Hoe vreemd, mense kom verby, sien dit op die platform, en dink dat jy nie net presies weet nie. Wel, Hy openbaar dinge reg rondom jou. Sien? Maar jy kan dit nie sê nie. Jesus het geweet Judas was by Hom die heeltyd, maar tog, sien, dit uitgelos, want daar's 'n doel daarvoor. Sien? En net . . .

243 So, hy het daar gesit. En hy het gesê . . . Omgekyk na Banks, asof Banks hom gesê het. Dis sy broer. Ek het gesê: "Jy het twee kinders, twee klein, blondekop seuntjies." Hy het weer na Banks gekyk. Ek het gesê: "Wat dink jy, dat Banks dit vir my gesê het?" Ek het gesê: "Wat hiervan? Gisteraand, het jy uitgegaan met 'n vrou wat rooibruin hare het, en jy was in 'n kamer. En in hierdie kamer, daar was iemand wat aan die deur kom klop het, en jy het haar na die deur toe gestuur, omdat jy bang was. Dis 'n goeie ding. Jou kop sou afgeskiet geword het; nog een van haar minnaars het daar gestaan met 'n pistool in sy hand."

Hy het gesê: "God, wees my genadig."

244 God weet hoe. Nou is hy 'n minsame, stoere Christen. Sy pa het op dieselfde manier gekom, sy susters en almal van hulle.

245 Ons was onder in Kentucky, aan die eekhorinkie jag, tussen een van my dienste. Ek het twee weke gehad. Het baie droog geword. Hoeveel het ooit eekhorinkies gejag? O, my broers, daar's niks soos dit nie. So, gee my 'n .22 geweer, die middel van Augustus, en ek's tuis. Hoe die Here daarbuite spreek en dinge weet! Hoe hy . . . o, sovoorts. Let op. Toe ons . . .

246 Het baie droog geword, bo-op die rûe waar ons was. Hy het gesê: "Ek ken 'n ou man wat 'n ongelowige is." Gesê: "Hy het vyfhonderd akkers van net heuwels soos hierdie, en onder in die valleie, leegtes," noem ons hulle daar: "wat jy kan stap, want dis nat." Gesê: "Ons mag by 'n paar eekhorings uitkom." Gesê: "Maar hy's 'n rowwe ou kêrel."

Ek het gesê: "Wel, laat ons afgaan en hom sien."

247 So omtrent 'n paar maande tevore, hoe ons geweet het die plek was daar, ek het 'n diens gehad by die Metodiste Kampgronde by Acton, Kentucky. En daardie aand, terwyl die Heilige Gees onderskeiding gedoen het, was daar 'n vrou wat ver agter aan die agterkant van die gronde gesit het. En Dit het haar naam genoem, en gesê: "Jy het 'n suster wat sterf met kanker van die maag. Sy was pas na Louisville, en hulle het haar oopgemaak. Die kanker was so om haar gedraai, dat jy . . . Hulle kon nie opereer nie. En dis Mev. *So-en-so*." Sy het opgestaan en begin huil.

248 Ek het gesê: "Toe jy die huis verlaat het vanaand, op 'n marmerblad laaikas, het jy 'n klein sakdoekie geneem en jy het dit in jou handsak gesit. Dit het 'n klein, blou prentjie in die hoek." Sien?

249 Jy sê: "Hoe? Dit klink baie . . ." Wel, wat van Jesus wat gesê het waar daardie vis die muntstuk in sy mond gehad het? Wat van die profeet wat vir die man gesê het dat die muile teruggedraai het? Net, sien, jy net . . . Die Duiwel het 'n nabootsing, ja. Maar jy hoor nooit van een van hulle wat die Evangelie preek en siele red, sien, daardeur nie. Sien? Sien? Jy behoort beter te weet.

250 So toe vind ons uit, dit vir haar gesê, gesê: "Neem daardie sakdoek en lê dit op jou suster, want, SO SPREEK DIE HERE, sy sal lewe."

251 Wel, ek weet nie, ken enige van julle Broer Ben? Ek vergeet wat sy van is. [Iemand sê: "Bryant."—Red.] Bryant, dis reg, Ben Bryant. O, goeiste! Julle sal nooit . . . Julle sal hom altyd ken, as julle hom ooit eenkeer gesien het. As hy hier was, sou hy geskree het, hande en voete in die lug gegooi het soos daardie, geskree het. So eenkeer . . .

252 Toe het hy saam met hierdie vrou gegaan, om dit op haar sakdoek te sit, en—en die sakdoek op haar te sit daarbo.

253 En omtrent twee jaar later is toe ons gaan eekhorinkie jag het. Hy het gesê: "Laat ons afgaan daarin." Ja. Ek het nie geweet dit was dieselfde landstreek nie. Was omtrent twintig myl van waar ons was. So ons het soontoe gegaan, en ver agter oor die heuwels gegaan en onder in die leegtes, en op deur 'n besembosriet kol, en na *hierdie* kant toe, totdat ons by 'n groot ou huis gekom het. En daar het twee ou manne gesit, onder 'n appelboom gesit. Hulle ou slonshoede afgetrek. Hy het gesê: "Dis hy. En, man, hy's 'n rowwe een." Gesê: "Hy's 'n probleem, 'n ongelowige."

254 So, ons het gestop. Ek het gesê: "Jy beter dan met hom gaan praat. Hy weet ek's 'n prediker, sal hy ons glad nie laat jag nie." So hy—hy het gesê . . . Soontoe gestap en gestop.

255 Hy het daar gestaan, groot kousel, tabak in sy mond, en dit wat alles afgeloop het deur sy baard, daar gestaan. So hy het omgekom. Hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "hello! Kom in."

256 So, hy het soontoe gegaan. En hy het gesê—hy het gesê: "My naam is Woods." Hy het gesê: "Ek is Banks Wood." Gesê: "Ek . . . ons was . . . Ek en my vriend het hier oorkant gejag," gesê: "vir 'n paar dae, hierbo rondom Acton," het hy gesê. En gesê: "Ek—ek . . ." Of: "Dis so—so droog," gesê: "ons kan nie in die woude ingaan nie. Die eekhorinkies is so skaars." Gesê: "Ek weet jou plek het borde op, maar ek het gedink as ek jou miskien kom vra, jy my sal laat jag."

Gesê: "Watter Woods is jy?"

257 Hy het gesê: "Ek is Jim Woods se seun." Dit was die Jehova Leser, Getuie Leser. Sien?

258 Hy het gesê: "Ou Jim Woods is een van die eerlikste manne daar." Hulle het toe in Indiana gebly. Gesê: "Eerlikste man wat daar ooit in hierdie land was." Gesê: "Ek kan jou sekerlik vertrou om nie een van my koeie dood te maak of 'n vuur te begin nie." Hy het gesê: "Help net jouself." Gesê: "Gaan voort en jag daarin." Gesê: "Ek het vyfhonderd akker hier. Maak jouself tuis."

259 "Goed." Gesê: "Dankie." Hy het gesê: "Ek reken dis in die haak vir my pastoor om ook te kom."

Hy het gesê: "Jou wat?"

Gesê: "My pastoor."

Neem ek te lank? [Iemand sê: "Nee, meneer."—Red.] Goed.

Hy het gesê: "My pastoor."

260 En hy het gesê: "Woods, jy wil nie vir my sê jy het so laag gedaal dat jy 'n prediker met jou saamdra met jou oral waar jy gaan nie," het hy gesê.

261 Ek het gedink dit was omtrent tyd vir my om toe uit te klim, so ek het uit die motor geklim en omgestap. Ek het gesê: "Aangename kennis."

262 Na my gekyk, en sy tabak rondgespoel, julle weet, en afgespoeg soos *daardie*. Hy het gesê: "En jy's 'n prediker, huh?" Ek het gesê . . . Gekyk, eekhoringbloed regoor my, en wangbaarde. Ek het nie 'n bad gehad vir twee weke nie, julle weet. En—en gelê in die woude, geslaap, julle weet.

En—en, so ek het gesê: "Mag nie soos een lyk nie, maar," het ek gesê: "ek is."

263 En hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "ten minste kan ek jou respekteer dat jy soos 'n mens lyk." Hy het gesê: "Jy lyk glad nie soos predikers ek . . . "

So ek het gesê: "Wel, dankie, meneer."

Hy het gesê: "Ek is soort van teen julle kêrels."

Ek het gesê: "Ek—ek het verstaan, van Mnr. Woods, dat jy was."

Hy het gesê: "Jy weet, ek's 'n ongelowige. Ek's veronderstel om te wees."

264 En ek het gesê: "Ja, maar ek dink nie dis enigiets om oor te spog nie, dink jy?"

265 En hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "ek weet nie." Hy het gesê: "Ek dink julle kêrels blaf teen die verkeerde bos." En julle weet wat dit beteken? "'n Vals hond." Sien, die wasbeer is nie daarbo nie. Sien? So hy het gesê: "Ek dink julle blaf teen die verkeerde bos. Daar's niks daarbo nie, en julle almal lieg net daaroor."

En ek het gesê: "Natuurlik, dis volgens opinie."

266 En hy het gesê: "Ja, ek reken dis hoe jy dit bedink." Hy het gesê: "Kyk hier, meneer." Gesê: "Sien daardie ou skoorsteen daarbo? Dis waar die ou huis. Ek is daarbo gebore. My pappa het hierdie huis hieronder gebou," het hy gesê: "omtrent vyf-en-sewentig jaar gelede." Gesê: "Ek is net hier grootgemaak. Ek het oor hierdie heuwels geloop. Ek het oral gekyk, bo in die hemele, oral rond. Ek het nooit enige God gesien, enige Engele, of niks anders nie."

Ek het gesê: "Wel, dis volgens opinie."

267 En hy het gesê: "Ek het nooit een van julle gesien behalwe wat ek gedink het gelieg het nie." Hy het gesê: "Ek wil nie jou gevoelens seermaak nie, meneer. Ek . . . "

268 Wel, is . . . Wel, gaan ek jag, of gaan ek hom regtig reg sien? So ek het gedink ek sal hom net gee . . . Mamma het altyd gesê: "Jy 'n koei genoeg tou gee, sal dit homself hang." Sien? So, ek het gedink, gaan net.

Ek het gesê: "Ja, meneer. Dis reg."

269 Hy het gesê: "Ek—ek het ontmoet . . . Ek het gehoor van een prediker eenkeer, dat, as ek ooit die kêrel ontmoet, gaan ek met hom praat." Gesê: "Hy mag iets gehad het." En hy . . .

Ons het 'n tydjie gepraat, julle weet. En ek het gesê: "Wie was dit?"

270 Gesê: "Daar was 'n kêrel . . . " Gesê: "Wat was sy naam? Hy was hierbo by Acton. Ek glo hulle het hom genoem . . . Ek vergeet wat sy naam was. Branham."

Ek het oorkant gekyk na Woods. En Broer Woods het gesê: "Huh—uh."

271 Hy het gesê: "Jy weet," gesê: "ou dame Casmo woon hierbo op die heuwel." En gesê: "Ons—ons het haar geneem na die dokter in Louisville, en gesê sy het kanker. En hulle het haar net toegewerk." Gesê: "Die dokter het vir hulle medisyne gegee om vir haar te gee, en haar stil te hou totdat sy gesterf het. En sy was toe net omtrent tyd vir haar om te gaan." Gesê: "Sy kon nie eens oplig in die bed nie." Gesê: "Ons moes 'n bedlaken onder haar uittrek. Sy . . . Ons kon haar nie op die bedpan sit nie, sien, reg onder haar." Gesê: "Ek en die vrou sou soontoe gaan en haar bed skoonmaak, elke oggend."

272 En gesê: "Daar was 'n prediker van ver daar oorkant, iewers in Indiana." Gesê: "Hy—hy het hier aangekom, en het 'n diens daarbo gehad." Gesê: "Daardie man het daar gestaan daardie aand en vir haar suster gesê, *So-en-so*, van 'n sakdoek wat sy in haar sak gehad het." Gesê: "Afgekom . . . "

273 En gesê: "Hulle het 'n klomp van daardie holy—rollers daarnatoe gebring." En gesê: "Ek het gedink hulle het die Heilsleër daar bo-op die heuwel gehad daardie aand." Dit was ou Ben wat so uitgeroep het, julle weet.

274 So hy het gesê—hy het gesê: "Ek het gesê: 'Wel, jy weet, sy het gesterf.' Gesê: 'Dis haar familie.'"

275 O, julle weet hoe dit agter in die platteland is. Hulle het net mekaar, en hulle het mekaar lief en lewe vir mekaar. Dis te jammer ons doen dit nie in die groot stede nie.

276 "So hulle—hulle het gesê ons . . . En hulle sou, sterf." En gesê: "Ek het gedink: 'Wel, dis sy.' Gesê: 'Wel, dis laat. Ons kan nie haar liggaam uitkry, voor die oggend nie.' Gesê: 'Ek sal my wa kry. Ek sal soontoe gaan, en haar kry, en haar uitbring, sodat ons haar kan neem na die . . . oorkant na Campbellsville, Kentucky, omtrent veertig myl daarvandaan, na die ondernemer.' Gesê die ondernemer moes kom na die hoofpad, wat omtrent agt myl is, tien myl, ver. Gesê: 'Hy kan haar liggaam optel van daar af.' Gesê: 'Nie nodig om vanaand soontoe te gaan nie. Hulle sal net huil.' Gesê: 'Ons sal net wag tot daglig.'"

277 Gesê: "Jy weet, die volgende oggend toe ek soontoe gegaan het, het daardie vrou 'n paar gebakte appelterte gemaak, en sy en haar man het hulle daar by die tafel gesit en eet. En sy het gelewe op gortwater."

278 (Ek het gedink: "Uh—oh.") Ek het gesê: "O, nou, nou, wag 'n oomblik." Ek het gesê: "Jy glo dit nie."

Gesê: "En jy glo dit nie?"

279 En ek het gesê, . . . "Wel, jy was die een wat dit gesê het." Ek het gedink: "Ou kêrel, jy gaan nou vir my preek, sien."

Hy het gesê: "Glo jy dit nie?"

280 Ek het gesê: "Man, wil jy vir my sê dat so-iets soos daardie kon gebeur in al hierdie wetenskaplike eeu waarin ons die beste dokter het?"

281 Hy het gesê: "As jy dit nie glo nie, sal ek jou soontoe neem en dit vir jou bewys." Nou preek die ongelowige vir my oor God. Sien?

Ek het gesê: "Wel, jy, bedoel jy dit?"

Hy het gesê: "Ja."

Ek het gesê: "Wat was dit?"

282 Hy het gesê: "Ek wil . . . As ek ooit daardie man ontmoet, gaan ek vir hom vra wat in die wêreld dit was wat vir hom daarvan vertel het, en hoe hy geweet het daardie vrou sou gesond word. Sien?" Gesê: "Ek gaan hom daaroor vra."

283 Ek het gesê: "Uh—huh." Ek het gesê: "Wel, dit sou 'n goeie ding wees." En ek het gesê: "Sê, gee jy om as ek een van daardie appels kry?"

284 En dit het op die grond gelê. Herfs van die jaar, julle weet, dit was tweede week in Augustus, en die blare het van die boom afgeval. En die appels was daar, en hulle was mooi appels. Ek het dit opgetel en dit gevryf op hierdie ou vuil broek, en dit begin eet, julle weet, soos daardie.

285 Hy het gesê: "Ja, help jouself. Die geelbaadjies eet hulle." Hoeveel weet wat 'n geelbaadjie is? So hy het gesê: "Die geelbaadjies eet hulle op. Jy kan jouself help."

286 So ek het gesê: "Goed." So, ek het begin eet. Ek het gesê: "Man, dis 'n goeie appel."

287 Hy het gesê: "O, ja. Ek het daardie boom self daar geplant, vyftig jaar gelede, by daardie stroom." Ek het gesê: "Haai, jy weet, ons gaan 'n vroeë herf hê." Ek het gesê: "Jy kyk daar." Ek het gesê: "Wonder waarom dat daardie blare afval van daardie boom voor ons selfs 'n koue aand gehad het? Augustus, die warmste."

"O," het hy gesê: "die lewe het daaruit gegaan."

"O, is dit wat dit doen?"

Hy het gesê: "Ja, hulle word geel en val af."

Ek het gesê: "Waarnatoe gaan die lewe?"

Hy het gesê: "Dit het in die wortel ingegaan."

Ek het gesê: "Wel, waarom het dit dit gedoen?" Sien?

288 Hy het gesê: "Wel, dis omdat as dit nie, as dit nie afgaan in die wortel nie," het hy gesê: "sal die winter die boom doodmaak. Die kiem van die lewe is in die—in die—die sap wat in die boom is, en dit gaan af na die wortel." En wat 'n pragtige getuienis daar, sien, van dood, begrafnis, en opstanding, weer. Sien?

Ek het gesê: "Dan, wat gebeur dan? Bly dit daaronder?"

Gesê: "Nee. Nee."

289 Ek het gesê: "Kom die volgende lente terug en bring vir jou nog 'n klomp appels."

"Ja."

"En jy sit hier en eet hulle."

"Ja."

"En dan sê jy jy het nooit God gesien nie."

Hy het gesê: "Wel, dis net natuur."

Ek het gesê: "Dit reg?"

"Ja, meneer."

290 Ek het gesê: "Ek wil vir jou iets vra. As dit net die natuur is, sê vir my watter intelligensie wat daardie boom waarsku, daardie sap in die boom? Dit het geen intelligensie van sy eie nie. Maar watter intelligensie laat daardie sap afgaan na die wortel, sê: 'Gaan ondertoe en kruip nou in die dieptes van die aarde weg, totdat al die probleme verby is, dan sal ek jou weer boontoe bring'? Sien? Sê my. Die lewe wat in die blaar was, net die liggaam het gesterf. Die blaar het afgeval. Die lewe het self afgegaan, kom terug met 'n nuwe blaar. Sien?" Ek het gesê: "Die lewe het weggekruip, afgegaan in die grond."

291 Job, soos ek gisteraand gesê het: "O, verberg my in die graf, sien, totdat U oordeel verby is." Hy het natuurlik die verdrukking sien kom. Sien? Let op, hy het gesê: "Verberg my."

Hy het gesê: "Wel, dis net die natuur."

292 En ek het gesê: "Meneer," ek het gesê: "as ek 'n emmer water hierbo op die paal sit, en dan elke Augustus daardie water afloop na die onderpunt van die paal, en dan in die lente van die jaar sal dit weer opkom in 'n emmer?"

Hy het gesê: "O, o, nee. Dit het nie enige lewe nie."

293 Ek het gesê: "Daar het jy dit. Nou het jy dit. Sien, dis lewe." Ek het gesê: "Sien, dis God."

Hy het gesê: "Jy weet, ek het nooit daaraan gedink nie."

Ek het gesê: "Sê my wat dit doen?"

294 Hy het gesê: "Ek weet nie. Ek weet nie wat dit doen nie. Ek het gesê: 'Dis die natuur.'"

Ek het gesê: "Wel, Wie beheer die natuur? Is die natuur 'n intelligensie? Nee."

Hy het gesê: "Wel, ek het nooit net so daaraan gedink nie."

295 Ek het gesê: "Ek sal vir jou sê, ek gaan hier uit, eekhorinkies jag, as dit reg is."

Hy het gesê: "Help jouself."

296 Ek het gesê: "Wanneer ek terugkom, wanneer ek terugkom . . . Jy bestudeer nou goed. En wanneer ek terugkom, sê vir my watter Intelligensie wat daardie lewe in daardie boom vertel om af te gaan in die wortel en terug te kom die volgende lente, en ek sal vir jou sê Wat, dieselfde Ding wat vir my gesê het daardie vrou gaan lewe daarbo, wat die kanker gehad het."

Gesê: "Vir jou gesê het?"

Ek het gesê: "Ja, meneer."

Hy het gesê: "Is jy daardie prediker?"

Ek het gesê: "Ja, meneer. Ek's Broer Branham."

297 En daar onder daardie boom, daardie middag, deur 'n eenvoudige dingetjie soos daardie, het ek hom na Christus gelei, trane wat teen sy wange afloop.

298 'n Jaar later, het ek soontoe gegaan. Ek het my bakkie in die agterplaas getrek. Hulle het verhuis. Hy was weg. Hy het gesterf. En toe ek terugkom, het die dame daar gestaan, om my uit te skel, vir jag op grond met borde op. Hy het vir my gesê, jag enige tyd wat ek wil. Sy was nie . . . het hom dit nie hoor sê nie.

299 So ek het nadergekom. ek het gesê: "Ek—ek is jammer." Gesê: "Ek het vroeg vanmôre hier gekom, en die motor hier parkeer waar julle dit kon sien."

Gesê: "Daardie Indiana lisensie daarop?"

Ek het gesê: "Ja, mevrou." Ek het gesê: "Jou man . . . "

300 Gesê: "My man is dood vir amper 'n jaar." Sy het gesit, appels geskil op die agterstoep, van daardie selfde boom af. Ek het gesê: "Wel, hy het vir my gesê voordat hy gesterf het."

Sy het gesê: "Ek glo dit nie."

301 Ek het gesê: "Ek het net daarbuite gesit eendag." En ek het gesê: "Ek het nadergekom en ek het met hom gepraat. Hulle het gesê hy was 'n ongelowige."

302 Sy het daardie appel laat val en omgekyk na my. Gesê: "Is jy Broer Branham?"

Gesê: "Ja, mevrou."

303 Sy het gesê: "Vergewe my." Sy het gesê: "Vergewe my." Sy het gesê: "Hy het gesterf, geskree, beide hande in die lug, God geprys; geweet, soos daardie blaar teruggekom het, hy weer sou terugkom."

Sien, 'n paradoks, onverklaarbaar.

304 Gesit, bietjie roomys geëet, net . . . (Ek sluit af.) Gesit, bietjie roomys geëet, nie lank gelede nie. 'n Ou apteker het vir my gesê, hy het gesê: "Jy weet, Broer Branham, ek het . . . Glo jy in paradoks?"

En ek het gesê: "Ja."

305 Gesê: "Ek het jou boodskap gehoor op 'n band eenkeer: ''*n Paradoks*.'" Hy het gesê: "Baie jare gelede, gedurende die depressie," gesê: "mense op distriks, op welsyn, moes 'n bestelling kom kry," en gesê: "om hulle medisyne te kry." En gesê: "Hulle moes in lang toue staan." En gesê: "Eendag, 'n vreemde ding." Hy het gesê: "Ek het hier agter 'n koerant gesit en lees, en my jong seun," gesê: "hy was daarbo."

306 En gesê: "'n Vroutjie het in die tou gestaan daarbuite. Sy sou moeder word, jy weet, enige tyd. Sy moes medisyne kry. Die dokter het dit voorgeskryf. Moes die voorskrif kry." So, gesê: "Die seun . . . Die moeder kon net nie langer staan nie. Hy het haar soontoe gebring. Gesê: 'Meneer, ek gaan in die ry staan. Moet my vrou huis toe neem.' Sien? Gesê: 'Kan ek haar huis toe neem? Die dokter het gesê om hierdie medisyne vanmiddag te kry, en sy kan nie langer nie.' Gesê: 'Kan ek—kan ek hierdie voorskrif kry? Sien, ek het die bestelling hier. Ek moet net 'n nota kry om te sê dat ek dit kan doen.' En gesê: 'Ek sal dit reguit terugbring na jou.'

307 "En die jong seun, natuurlik, in die tyd van depressie, julle weet, hy het gesê: 'Ek—ek's jammer.' Gesê: 'Ek—ek kan dit nie doen nie.' Gesê: 'Ons—ons het opdrag om dit nie te doen nie.' Gesê: 'Ek kan dit nie doen nie.'"

308 En gesê hy het net omgedraai en geluister na wat dit was. Hy het daar opgekyk. En daardie arme vroutjie, haar mond wit, en vasgehou teen die muur, soos *daardie*. En haar man wat daar gestaan het, net so gaaf soos wat hy kon wees. Hy het gesê: "Wag 'n oomblik, seun."

309 Gesê: "Ek het gegaan en die voorskrif gekry, dit voorberei, dit teruggebring." Gesê: "Broer Branham, toe ek gegaan het om dit uit te gee," het hy gesê: "het ek gekyk. Ek het dit in die hande van die Here Jesus gesit." Hy het gesê: "Ek het my oë gevryf. Ek het weer gekyk." Gesê: "Hy was die Een wat uitgereik het en daardie voorskrif gekry het." Gesê: "Dink jy ek was buite myself, Broer Branham?"

310 Ek het gesê: "Nee, nee. 'Insoverre julle dit aan die geringstes van My kleintjies gedoen het, het julle dit aan My gedoen.' 'n Paradoks, sekerlik, dit was. Dit het die Woord vervul."

311 Daar's baie, groot paradoks waarvan ons kan praat. Maar, dierbare vriende, soos ons afsluit, laat ons hieraan dink. Daar's een grote wat kom, die Wegraping. Laat ons almal gereed wees vir daardie een daar. Laat ons ons siele kondisioneer voor God nou, dat wanneer daardie tyd kom, ons sal gaan.

Wanneer die basuin van die Here sal weerklink, en tyd verby sal wees,
Die môre Ewiglik, helder en skoon breek;
En wanneer ons uitverkorenes versamel na hul tuiste in die lug,
Wanneer die rol daar afgelees word, laat ons almal daar wees.

312 Ek sit by hierdie tafel vanmôre, en kyk na julle. Julle weet, ons mag nooit nog 'n ontbyt saam eet nie. Weet julle dit? Hierdie mag die laaste keer wees wat ons saam sal ontbyt eet, maar daar's een ding seker, deur die genade van God, ons gaan by 'n maaltyd saam wees, een van hierdie dae. Ek sal oor die tafel daar kyk en julle sien. Ek sal sê: "Onthou julle toe ons onder by Tampa was?"

"Ja. Dis—dis toe ek my volle oorgawe gemaak het." Goeiste!

313 Natuurlik, trane sal oor ons wange afloop. Dan sal die Koning uitkom, Sy prag, al ons trane van ons oë wegvee, sê: "Moenie meer huil nie, kinders. Dis alles verby. Gaan in die vreugdes van die Here in, wat voorberei is vir julle vanaf die grondlegging van die wêreld."

Laat ons ons hoofde buig.

314 Hemelse Vader, ons tydselement beteken soveel, Here. Ons is net aardsgebonde. En net 'n paar minute hier en daar, en dit gaan net verby vir ons. En wanneer ons praat met U, glo ons dat ons nou opgestaan het saam met U: "sit in hemelse plekke in Christus Jesus." En U is met ons vanmôre. Ons is bewus daarvan. Ons weet dat U hier is.

315 En ons praat oor die onderwerp van paradoks. Dis die bonatuurlike. Dis 'n paradoks dat U ooit 'n ellendeling soos ek gered het. Hoedat al my mense, sondaars, grootgemaak, die agterste woude, 'n kankerroos, hoedat U ooit 'n koringkorrel daaruit kon maak, Here? Paradoks. Meeste van my mense wat gesterf het met hulle stewels aan, aan die baklei, gewere. O God! Maar U genade het my gered. Ek is ewiglik dankbaar, God. Ek's ewiglik dankbaar.

316 Ek—ek bid vir andere, Here. As ek kon. . . As hulle net hierdie wonderlike Persoon, Christus, kon ken. En ek sien

hulle, Here, soos hulle agter sit met intellektuele begrip daarvan, en regtig nie weet wat die Persoon, Christus, is nie. Here, maak dit werklik vir hulle.

317 Help hierdie, hierdie gawe klomp manne, Here, my broers. Hierdie predikers en sakemanne wat, in hierdie groot uur van duisternis, hulle hulleself geïdentifiseer het, Here, hulle oortuiginge. Selfs partymaal teen die beterwete van hulle organisasies, wil hulle Dit in elk geval hê. Seën hulle, Vader. Seën elkeen.

318 Nou, terwyl ons ons hoofde gebuig het. Ek wonder, vanmôre, of daar enige hier is wat nie seker is dat die blaartjie, dat jy skadu maak vir iemand anders, as die lewe dit sou verlaat, om terug te gaan na die grond, dit weer sou opstaan nie? Is die saad ontkiem met die Maat, wat dit weer sou laat terugkom? As jy nie absoluut seker is daaroor nie, vriend, laat ons nou daaroor bid.

319 Weet julle wat die Lewe is? Dis die Heilige Gees. As julle nie die Heilige Gees in julle ontvang het nie, wat die Lewe is wat in die eerste Plant was wat opgestaan het, sien, Christus, eerste vrugte van diegene wat ontslaap. Nou, as daardie Lewe wat in Hom was, daardie selfde Gees, nie in julle is nie, maak nie saak hoe gaaf julle probeer wees nie, julle kan nie voortkom nie. Daar's niks daar om julle op te rig nie. Jy kan mielies neem, dit baster met iets anders, dit sal nie meer dra nie. Dis klaar. As jy net aan die kerk behoort, en jy's nie regtig gevul met die Gees van God nie.

320 Ek weet dis nou moeilik om te staan, want hulle noem jou enigiets. Dit maak nie saak nie. Hulle noem Hom dieselfde ding. "En almal wat goddelik lewe in Christus Jesus, sal vervolging ly." "Hulle het die profete vervolg wat voor julle was." Hulle doen dit vandag. "Hulle vervolg diegene wat die profete geglo het, wat voor hulle was, so sal hulle met julle ook maak."

321 As julle nie seker is daarvan nie, met julle hoofde gebuig en julle oë gesluit, gaan ek julle nog een ding vra om te doen. Verstaan my asseblief. Buig julle hart, sal julle? Buig net julle hart vir 'n oomblik. En jy sou sê: "Broer Branham. . ." Niemand wat kyk behalwe God en ek nie. "Ek—ek, waarlik, ek's 'n bietjie in twyfel of ek weer sou opkom. Sal jy my onthou in gebed?" Nou, ons kan geen altaaroproep maak nie, niks meer as wat jy net jou hand opsteek nie. Steek net jou hand op, sê: "Onthou my, Broer Branham." God seën jou, jou, jou, jou, jou, jou. Ja, oraloor. Dank God. Dankie.

322 Hemelse Vader, klein, eenvoudige woorde, maar tog die groot Heilige Gees is naby, Hy Wie die geheim van die hart ken. En hulle het hulle hande opgesteek dat hulle nie seker is daarvan nie. Maar, tog, glo hulle—hulle—hulle U. Hulle, hulle

wil. En hulle—hulle net. . . Hulle het Dit nie. Hulle weet net nie hoe daardie pad sal wees, af in die tak nie; in die sytak, in die tak; uit na die tak, af in die stam, weer op nie.

323 U is die Gids, Here. Soos op ’n jagtog, as jy nie vooruit stuur en reëlings tref vir die gids nie, kan jy verlore raak. En ons stuur nou vooruit na die Gids van die Lewe, Wie gesê het: “Ek is die opstanding en die Lewe.” U ken die pad, Here. Ek skryf vir U hierdie briefie, in die vorm van gebed. En hulle skryf dieselfde ding. Ontvang hulle, Here.

324 Hulle wil besprekings maak vir die Wegraping, die groot paradoks. Hulle was in hierdie diens hierdie week, en hulle het U Teenwoordigheid gesien, en hulle weet U is hier. Hulle is nie so styf, om te dink dat. . . Mans wat Boodskappe bring, is nie Engele nie; hulle is mense. En ons weet dat U deur mense werk. En ek bid nou dat hulle besprekings gemaak sal word vanmôre. U het gesê: “Hy wat My sal bely voor mense, hom sal Ek bely voor My Vader en heilige Engele.” Wanneer daardie Dag kom, dan sal U hulle oor die rivier lei; uit die tak uit, af in die wynstok, na die wortel van die boom, as U vertoef; hulle dan weer boontoe bring, in daardie groot paradoks aan die einde van die pad. Hulle is Uwe, Here. Dis tussen U en hulle.

325 Ek bid, Here, as hulle nooit gedoop is met Christendoop nie, dat hulle dit sal doen. Dan sal hulle gevul word met die Heilige Gees, die Lewe wat hulle sal lei. Want dis in die Naam van Jesus Christus wat ons dit vra. Amen.

326 Dankie, vir julle goedhartigheid, ver oortyd. En ek voel dat ek verantwoordelik is. As daar enige verskil betaal moet word, as wat daar was vir die saal vanmôre, sal ek dit self betaal. Ons sal dit regmaak.

Ek het Hom lief (Hom!) ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se. . .

327 Let op die vorm van die Wegraping, hoe dit sal wees. Ons ontmoet mekaar voor ons Hom ontmoet, want, Hy het geweet dat wanneer ons daar kom, sou ek gewonder het of julle daar is, julle wat gewonder het of ek daar was. “Maar,” het die Bybel gesê: “ons wat lewe en vertoef na die Koms van die Here, sal nie diegene wat ontslaap het verhinder of hinder nie. Want die basuin sal blaas, en die dooies in Christus sal eerste opstaan, dan sal ons wat lewe en oorbly verander word in ’n oomblik, in ’n oogwink, en weggeraap word saam met hulle.” O, wat ’n aanbidding sal dit op daardie tyd wees. Nou: “Weggeraap saam met hulle.” Nou, ons word deel daarvan voor daardie tyd aanbreek, weggeraap in die Wegraping.

328 Laat ons net hande skud, net vir 'n oomblik. Dan sal ons verdaag word, amptelik, net binne 'n oomblik. Terwyl ons sing *Ek Het Hom Lief*, laat ons net hande skud met mekaar, sê: "God seën jou, broer. God seën jou, suster."

329 "Ek . . ." God seën jou. ". . . Hom." God seën jou, broer. [Broer Branham praat met iemand: "Terwyl hulle verdaag, sal ek volg, julle weet, keer om in die skare verstrengel te raak, julle verstaan."—Red.] "Be- . . ." Wel, God seën jou, broer! . . . ? . . .

Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het op . . .

God seën jou, broer.

330 Nou laat ons net ons hande opsteek en ons oë sluit. Nou, baie soet.

Ek het Hom lief, ek . . .

'N PARADOKS AFR64-0418B
(A Paradox)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagontbyt, 18 April 1964, vir die Volle Evangelie Sakemansgemeenskap se Internasionale ontbyt by die Morrison Kafeteria in Tampa, Florida, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org